University of Pretoria etd – Crafford, J D (2003)

# DEEL 3

# FAMILIEVERHALE

# DIE GOOSEN FAMILIE

University of Pretoria etd – Crafford, J D (2003)

# HOOFSTUK 1

## DIE GOOSEN FAMILIE

## *'N VERHAAL VAN HOOP EN HARTSEER*

**IN MEMORIAM**

**Gedurende Augustus 2002 het Drieka, wat steeds behandeling ontvang het, se kanker na die breinstam versprei. Op 6 Oktober 2002, na 'n kort, traumatiese siekbed, is Drieka oorlede.**

**Hiermee eer ek die nagedagtenis van 'n baie wonderlike en dapper vrou.**

## DIE FAMILIE SE VERHALE (1)

**Johan:** Drieka en Werner en Jeanne-Werner, so in Jeandrie se afwesigheid ook, baie dankie dat julle ingewillig het om deel te neem aan ons navorsing en ons beskou dit natuurlik as óns navorsing, dis nie my navorsing nie. Dit gaan oor júlle verhaal, júlle verhaal van borskanker en mastektomie. Wanneer ons oor hierdie onderwerp praat, dan voel ek soos Moses wat op heilige grond staan. Ons doen dit met groot deernis, en met groot liefde, en in dié gesindheid wil ons ook graag luister na júlle verhaal. So, Drieka, ek gaan vir jóú oorgee, en met dié vraag om dan vir ons te vertel van jou ervaring van mastektomie.

**Drieka:** Ja, dit was Desember '98 wat ek my baba geborsvoed het, hy was agt maande oud op daai stadium, en ek het die knop gevoel in my bors en ek het nou maar gedink dis nou maar óf 'n melkkliertjie, of een of ander iets, maar niks aan kanker gedink nie. Toe't ek nou dokter toe gegaan en hy vra toe vir my of ek al ooit was vir 'n mammogram en ek sê nee, hy sê maar kom ons stuur jou. En ek het gegaan, ek het toe nou nie dadelik 'n afspraak gekry nie, ek het later in

die week gekry, maar my sussie bel my toe en sê hoor hier, want sy het toe maar geweet ek gaan, ek het jou afspraak vir jou vervroeg, hulle het 'n kansellasie daar en jy kan gaan sommer die middag. Ek was op daai oomblik besig met 'n vriendin van my se man wat depressie gehad het, hy het hulle huis afgebrand en hy het toe nou haar sakies vir haar bietjie afgehandel en ek is toe nou heel tevrede om saam met my sussie te gaan.

Toe ons nou daar kom, toe is hulle nou besig daar met my, **maar nie vreeslik vriendelik nie**. Ek het bietjie meer verwag. En ons het daar gesit en hulle het my toe nou geroep vir die mammogram, en ek het die mammogram gedoen en toe nou baie lank daarna nie, toe kom hulle terug om weer 'n mammogram op die regterbors te doen. Nouja, toe het ek al klaar so 'n krieweling in my gekry, want ek het nou al klaar gedink daar kan 'n fout wees. **Maar nog steeds praat hulle nie met my nie** en toe kom die dokter nou, wat vir my die mammogram lees, die plate lees **en hy sê vir my: "Kom lê nou hier op die bed"** en hulle is toe nou besig met 'n sonar, om te kyk wat die probleem is. **En hy sê toe vir my: "Ja-nee, daar is moeilikheid."** Ek sê toe vir hom: "Wat se moeilikheid?" Toe sê hy vir my: "Kom ek wys jou." Staan op, trek daai X-strale wat hulle toe nou geneem het, druk hy vir my so onder die lig in **en hy sê vir my: "Daar sit dit - dis kanker."**

**Ek weet nie *(lang sug)*. Ek het nie geweet wat eintlik wat om te sê, wat om te dink, wat … Ek het net daar gestaan.** Hulle was besig om aan die gebou te werk, so dit was … almal swart, geel, groen, almal het daar verbygeloop, en hier staan ek. Hy loop toe om nou 'n dokter te gaan bel, ek weet nie watter een wou hy bel nie en, nou staan ek nog steeds daar, **toe kom die suster na my toe en sy sê vir my: "Ag, toemaar, hoor," jy weet, so, klop op die skouer.** Daar gaan sy. Nie hoeka nie, toe kom sy terug met 'n glasie water, darem en sy sê vir my: "Hoor hier, die vrou wat daar voor sit, is sy jou vriendin?" Toe sê ek: "Nee, dis my sussie." Sy sê nou maar goed, sy gaan haar vir my roep. En toe sy haar nou roep, toe kom sy in en toe Werner net 'n kortkoppie agter haar. **En nog steeds sê niemand vir my iets nie** - doen, trek ek aan, maak reg. Ek weet nie, dis so 'n ou klein hokkie wat ek toe nou moes daar staan en wag dat iemand nou net sê wat moet ek doen. Toe sê my sussie vir my: "Man, jong, kom, ons trek aan en ons gaan luister wat sê hy."

Nouja, hulle het toe nou vir my op só 'n manier gesê: "Jy moet net so gou as moontlik by jou dokter uitkom. Kan jy nog vandag gaan?" ***(baie kortaf).*** **Hulle het my só bang gepraat** dat ek, ek het nie eers eintlik gehuil nie.

**1. BEKENDMAKING VAN 'N SKOKDIAGNOSE EN DAARNA**

Die wyse waarop die skokdiagnose van kanker aan Drieka oorgedra is, was vir haar 'n traumatiese ervaring. Kanker is 'n *lewe*bedreigende, *identiteit*bedreigende en *hoop*bedreigende siekte. Alhoewel die meeste vrouens, volgens Love (1991:238), nie sterf aan borskanker nie en die meeste nie nodig het om hulle borste te laat verwyder nie, bly dit die grootste vrese. "Telling the patient the diagnosis often has violent and upsetting effects on her whole personality" (Gyllensköld 1982:71). Holland & Lewis (1999:9) maak 'n onderskeid tussen die "human effects" van kanker teenoor die "physical effects" van kanker en sê: "It is often not recognized that these human effects are part of every encounter with every doctor and every staff member, irrespective of the stage of the illness or the treatments."

Baie mense, wanneer hulle die nuus hoor dat hulle kanker het, interpreteer die dokter se woorde as 'n boodskap dat hulle gaan sterf. Om dié rede het mense met 'n kankerdiagnose tyd nodig – tyd om alleen te reflekteer, tyd om gehoor te word, tyd dat dinge verduidelik kan word, tyd om sekerheid te kry. "Thus the person who conveys the news should take the time to instil hope for recovery" (Shone 1995:15). 'n Gevoel van hoop sal hulle help om hulle omstandighede beter te hanteer (Sampson & Fenlon 2000:191). Barraclough (2000:153) skryf:

> However bad the news, it is desirable to temper it with some positive messages, always providing these are truthful ones. Do not leave the patient without any hope. Make it clear that help with pain control or the care of a frail spouse will be available, and that the patient will never be abandoned although there may come a time when active anticancer treatment will be stopped.

Dokters toon egter te dikwels nie aan die pasiënt dat hulle erkenning gee aan haar ervarings van vrees, frustrasie en persoonlike verandering nie. "Their talk is about diseases, about the parts that have broken down, not about the whole, which is living that breakdown" (Frank 1991:12). Dikwels moet mense, terwyl hulle nog in 'n skoktoestand is en moontlik ook verlam van vrees, die voorgestelde vorms van behandeling bespreek (Shone 1995:15). Een van die onaangename newe-effekte van ons hoogs tegnologiese generasie, skryf Packo (1991:94), is die wegbeweeg van die simpatieke huisdokter na die ongevoelige ("unfeeling") spesialis wat pasiënte soos masjiene eerder as mense hanteer. Dit kan natuurlik as gevolg van onbewustelike verdedigingsmeganismes wees om hulleself emosioneel te beskerm (Gyllensköld 1982:278), of dit sou ook toegeskryf kon word aan die medikus se poging om in beheer van die situasie te bly.

In 'n artikel oor beheer in die siektesituasie, skryf Shapiro (et al. 2000:449) dat die pasiënt, die dokter én die familie 'n stryd het om beheer te behou en 'n vrees het vir beheerverlies. "In patients and physicians alike, overcontrol is frequently triggered by feelings of loss of control or fear of loss of control. Physicians' overcontrolling responses have the effect of distancing from and objectifying patients." Die gevolg is 'n ervaring van onpersoonlikheid en onsimpatiekheid teenoor die pasiënt terwyl sy in daardie stadium 'n wesenlike bedreiging van die kern narratiewe van haar lewe beleef.

Of dit nou haar huisdokter, die radioloog, die onkoloog, of die chirurg is, sy het haar lewe en liggaam aan hiérdie persoon toevertrou en sy voel kwesbaar en blootgestel. "She needs to reassure herself that his skills are great and that he is a particularly sensitive and caring individual, personally interested in her welfare" (Berger & Bostwick 1984:134). Castle (2000:5) sê:

> At this moment of crisis, you don't want to feel that you are being treated as an object of medical interest. You are not just a body with an interesting collection of symptoms, but a real person, with a personality, a life and relationships that are being touched by this news. Anyone who understands and respects your feelings at this moment can be of real help and support.

Gyllensköld (1982:277) onderskei tussen ‘n subjek-subjek verhouding, en ‘n subjek-objek verhouding. In die **subjek-subjek verhouding** tot die pasiënt is die personeel in staat om met empatie op te tree. Dit beteken hulle kan hulleself in die ander persoon se posisie plaas en “saam voel met die ander persoon” sonder om hulle eie identiteit te verloor. Die verhouding is ‘n uitdrukking van die feit dat die personeel die pasiënt beskou en teenoor hom/haar optree, as ‘n lewende, denkende, en voelende wese, net so subjektief as hulleself. In die **subjek-objek verhouding** tree die personeel teenoor die pasiënt op asof hy/sy ‘n nie-voelende, nie-denke “dooie ding” is. In sommige situasies, soos sekere chirurgiese ingrepe, sekere toetse, of stresvolle mediese behandelings soos met ernstig beseerde pasiënte, is dit *noodsaaklik* om ‘n subjek-objek verhouding te handhaaf.

*Beide* die benaderings is noodsaaklik vir mediese personeel. Daarsonder sou hulle nie hulle werk kon doen nie. Baie mense vind dit egter moeilik om te *wissel* tussen die twee benaderings. Spesifieke opleiding in dié verband is noodsaaklik om ‘n groter bydrae te lewer “to the patients’ prospects of withstanding the associated psychological crises more satisfactorily” (Gyllensköld 1982:279). Ek is dit eens met Shone (1995:16) as hy sê: “It is up to the professionals to recognize and be sensitive to the traumatic impact of the diagnosis and to anticipate that shock may impede your ability to take in the news.” Alle medici het die verantwoordelikheid om die bekendmaking van ‘n lewebedreigende diagnose op ‘n sensitiewe en empatiese wyse te hanteer. Holland & Lewis (1999:55) vat dit goed saam as hulle sê: “Three C’s form the cornerstone of good doctoring: competence, compassion, and caring.”

Mediese personeel beskik egter nie noodwendig oor die professionele opleiding, vaardighede en ondervinding om die sensitiewe kwessies met betrekking tot borskanker en mastektomie te hanteer nie. Dit behoort sekerlik ook nie van hulle verwag te word nie. Hiermee pleit ek vir ‘n multiprofessionele spanbenadering in die hantering van vrouens wat met borskanker gediagnoseer is én hulle gesinne. Shone (1995:16) praat van ‘n gesofistikeerde diagnostiese diens wat verder gaan as die basiese voorsiening van informasie oor die siekte, die behandeling, newe-effekte en die moontlike uitkoms, en sê dan:

> This kind of service should not be seen as a luxury available only under private medicine, but should be given as a right to all patients and their families simply because they are human beings. It means accepting that the thinking, feeling, and spiritual qualities of people are every bit as important as their physical bodies.

Só ‘n benadering kan ‘n onskatbare bron van hoop wees vir vrouens én hulle gesinne.

**Drieka:** Toe ons onder in die kar kom, want my sussie ry toe, sy is toe die hele tyd saam met my, my sussie Christa en toe ek nou onder in die kar kom, toe is dit asof ek huil, maar ek huil, dis, dis 'n oppervlakkige huil, eintlik, so 'n ongelowige … ek kan nie dink dat ek verskriklik hartseer was of wat nie, ek dink dit het net te vinnig gebeur. En Werner is toe nou maar ook … hy weet ook nie rêrig wat om met my te maak nie, want "hoe troos ek nou?" en ek dink nie hy weet ook self hoe om die situasie te hanteer nie.

Weer terug na my eie dokter toe, na die gewone algemene praktisyn toe en hy het toe gesê hy sal my na 'n baie oulike ou toe verwys. Nou dié wàs toe nou baie oulik, baie mooi met my gewerk, en my gevra nou hoekom huil ek, toe sê ek "nee, hulle het vir my gesê ek het borskanker." Toe sê hy: "Maar hoe kan hulle dìt vir jou sê? Want ek moet eers môre in die teater gaan kyk of dit wel so is." Ek dink aan die een kant het hy my dalk maar probeer kalm hou, want **die eerste ding wat ek toe nou vir hom vra, is: "Hoeveel tyd het ek?" Want ek dink as jy die woord *kanker* hoor, dan dink jy wel, môre-oggend sesuur dan het jy klaar gegroet.** Toe sê hy vir my, dis iets wat hy nie vir my kan sê nie, maar ek moet nie nou daaraan dink nie, ons moet nou eers die probleem probeer oplos.

## 2. “HOEVEEL TYD HET EK?”

“The extent to which a chronic illness will be a likely cause of death and the degree to which it can shorten one’s life span are critical distinguishing features with profound psychosocial impact. The most crucial factor is the initial expectation of whether a disease will be a likely cause of death” (Rolland 1989:436).

Van die eerste oomblik af dat mense hoor die woord "kanker" is op hulle van toepassing, betree hulle 'n ander tydsdimensie. Die aanvanklike skokgevoelens gee 'n ervaring van tydlose onwerklikheid. Tyd staan stil terwyl hulle probeer om 'n greep te kry op die verskriklike werklikheid (Aldredge-Clanton 1998a:124). Sy sê verder:

> As they slowly face the sobering truth of their diagnosis, the future, which only a little while before had stretched out before them into open space, becomes suddenly nebulous and constricted. One of their most pressing questions is, "How much time do I have left?" The major existential issue faced by most people as they progress through the cancer experience is their own mortality. Whatever the stage of cancer and whatever prognosis they receive from the physicians, they live with the reality that they have a life-threatening disease.

Dit was ook die eerste vraag wat Sampson (Sampson & Fenlon 2000:5) gevra het toe sy gediagnoseer is. Die dokter se antwoord was: "Ons hoop veertig of vyftig jaar." Hy het gesê hy verwys haar na Marsden vir chemo- en radioterapie en dat die narkosesuster daar sewe jaar vantevore, op háár ouderdom, ook borskanker gehad het en pas van 'n staptoer in Afrika teruggekeer het. "Those two hopeful remarks were to sustain me for years to come."

Net 'n eenvoudige, positiewe antwoord, maak vir die persoon met kanker 'n verskil in die hoop proses, soos ook blyk uit die chirurg se hantering van Drieka se situasie teenoor dié van die radioloog.

**Drieka: Omdat ek nou die babatjie van agt maande oud het, het ek net gedink: "Wat gaan van hierdie kind … hierdie kind gaan my nie eers ken nie, hy gaan niks van my weet nie."**

## 3. ONVOLTOOIDE TAAK

"For life-threatening illnesses, the ill member fears life ending before living out his/her "life plan" (Rolland 1989:436; ook Shapiro et al. 2001:503).

Sampson (Sampson & Fenlon 2000:3) se seuntjie was twee-en-'n-half jaar oud toe sy gediagnoseer is. Sy sê om hom te hoor lag en gesels terwyl sy in 'n ander kamer gewerk het, het haar soos 'n gewonde dier laat huil. Sou sy daar vir hom wees as hy skool toe gaan? Sal sy sy eerste voetbal wedstryd sien? Sal hy 'n ma hê om hom met sy spelling te help? "I drifted away on a stream of unutterably gloomy thoughts."

**Drieka:** En, nouja, toe het dit nou vir Werner ook gevang en hy het die pen en blikkie van die ou so al in die rondte geroer met die penne en gesê: "Maar wat sê jy moet ons maak?" Hy sê toe vir Werner ons kan wag vir 'n maand of drie of wat ookal, of ons kan môre-oggend sesuur by Medforum wees en dan kan ek gaan vir die mastektomie. Nog steeds weet ons nou nie wat nie. En Werner sê toe: "Maar wat sou jy nou gemaak het as jy in my skoene was?" Hy sê toe: "As dit my vrou was, het ek 'n mastektomie laat doen." Nouja, op dààì stadium het ons gedink dis die beste, gedink ook maar jy sny die kanker dalk af, nê? Maar hy het nou ook daarby bygesê dat daar goed is wat jy nie met die blote oog kan sien nie, wat dan kan agterbly, jy is ook nog nie gevrywaar daarvan nie.

Nouja, die volgende oggend sesuur het ek ingeboek by die hospitaal en hulle het die mastektomie gedoen en nog steeds was ek huilerig en so, maar ek, ek kan nie eintlik sê wat het ek gevoel nie, of ek hartseer was, of bang was, of wat nie. Maar die hele huis was toe nou vol van my sussies en swaers en goed, kom meegevoel betuig en so aan en die volgende oggend vroeg toe ek my oë oopmaak, toe's die hele lot wéér hier en tóé's ek nou hospitaal toe, Christa is toe nou weer saam en ek het nog haar lekker warm pajamas ook geleen. En toe ek nou dáár kom, het die suster my kalm gemaak en gevra of ek iets nodig het om te drink, jy weet, om my nou nog kalmer te maak, toe sê ek: "Nee, ek is reg." En ek is in daai operasiesaal in, in die teater eintlik nou in en ek het tot vandag toe nog nie pyn gehad nie, gladnie. My mastektomie was gladnie vir my seer nie. Ek dink dis die Here wat vir my nou toe só in sy hande toegevou het, dat niks my kon bykom nie. En die dokter wat my gedoen het, dr. D, hy is baie baie oulik, hy het, ag, laat in die aand, hier kwart oor nege se kant, want sy spreekkamers is op dieselfde vloer as ons, waar ek gelê het, en hy het elke aand voor hy huis toe gaan eers gekom. Nouja, ek moes tien dae daar lê en ek is seker na die vierdie dag, toe het hulle my ontslaan. So nou, die operasie het baie goed afgeloop.

Van daaraf het ek teruggegaan na my algemene praktisyn toe en hy het toe nou vir my gesê hy verwys my na dr. A, maar as ek nié regkom by haar nie, daar's iemand anders na wie toe hy my kan stuur.

**Johan:** As jy ongemaklik voel …

**Drieka:** Ja, want sy's 'n *(andertalige)* vrou, so en háár Engels is bietjie swakker, maar ons het mekaar toe op die einde van die dag goed verstaan en ek dink ek móés daar wees, my pad móés met daai vrou kruis. En, oe, daar gekom, mens, **ek het net aanmekaar gehuil**, dan vra sy vir my, is ek oraait, dan sê ek: “Ja, I'm okay” en so, dan sê sy vir my: "You're nót okay" en sy het oop kaarte met my gespeel. Eers was sy toe nou vies vir ons, omdat ons nie met vakansie gegaan het nie, want ons sou twee dae ná my diagnose see toe gegaan het. Die kinders se monde het nou eintlik al … ek weet nie toe nou nie wie kry hulle die jammerste, die kinders wat nie kan see toe gaan nie, of vir my wat in die hospitaal moet lê nie. Nouja, toe sê sy ons moes dit gedoen het, ons moes see toe gegaan het. Maar nouja, toe't ek nog my wond, en die dreineringspype, en ek het nie gedink dit sou die aangewese ding gewees het om te doen nie.

Nouja, toe't ek met my chemo begin.

## 4. INTENSE HARTSEER

Meeste vrouens reageer op die diagnose van borskanker met intense hartseer. Sommige vind dit baie moeilik om in hierdie vroeë stadium hulle vrese en gevoelens te kommunikeer. Dit is alles normaal, skryf Kneece (2001:10). Sy het tyd nodig om te rou oor haar diagnose en verlies. Daar is **nie regte of verkeerde response** vir ‘n vrou wat die aanvanklike diagnose van borskanker moet hanteer nie … “tears can be a necessary part of reconciling the loss for many women. Tears are considered a normal, healthy reaction to her diagnosis. Allow her this time and space to experience her emotions in her own way” (Kneece 2001:10). Hierdie hartseer of rou moet onderskei word van depressie (Barraclough 2000:56).

**Werner:** Ons het nie eers geweet wat is 'n onkoloog nie! Ons het nou vir die eerste keer gehoor.

**Johan:** *Dit is 'n totaal nuwe wêreld wat vir jou oopgaan. Nuwe name, nuwe terminologie …*

**Werner:** En ek dink as 'n ou vandag weet wat jy móés geweet hét, dan dink ek sou ons die hele ding anders benader het. Ons sou éérs die onkoloog gaan sien het en dan van háár af aanbevelings ook gekry het, want soos sy sê, sy kan met chemo die knop krimp en dan kan hulle die knop uithaal en dán kyk of dit kwaadaardig is. Want nou huidiglik is daar vrouens wat sy so behandel en die een vroutjie daar se knop het van 7cm afgekrimp na 1½cm toe.

**Drieka:** Ja.

**Werner:** En nóú gaan hulle haar opereer.

**Johan:** *Ja, maar 'n mens is só verbysterd daai oomblik wat jy die nuus kry, nè, dat jy net jou totaal aan die stelsel oorgee.*

**Drieka:** Ja.

**Werner:** Dis 'n feit Dit is asof as dit nog 'n dag langer is, is jy dood. Maar soos die dokter ook vir ons gesê het, daar, 'n kankergewas groei 'n sentimeter 'n jaar, wat basies die groeitempo is. En as 'n ou nou kyk, háre was 5cm, dan moes sy al vyf jaar met die ding geloop het en jy kom dit nie agter nie, omdat sy nooit pyn gehad het nie.

**Drieka:** Ja, ek het nooit … nooit was daar 'n aanduiding van enigiets dat ek kon dink dit is kanker nie. Ek het nie pyn gehad nie, ek was af en toe moeg, maar ek bedoel dit was vir my 'n normale moeg van bietjie hard gewerk en so aan, ek het mos skool gehou daai tyd. So, as dit nie vir Jovan was wat gebore gewees het nie, dan het ek nie hierdie ding uitgevind nie, dan was dit nou heel moontlik te laat.

Nouja, om terug te kom na die dokter toe, sy het nou ook vir my gesê dat my mastektomie heeltemal onnodig was, omdat ons dan die knop kon gekrimp het, omdat ek so goed reageer op hierdie medisyne wat ek nou kry. Maar die eerste chemo wat ek nou gekry het, was ek allergies

voor. Dit was vir my 'n verskriklike ding. My are is power gewees en na 'n gesukkel het hulle toe nou die aar gekry en die chemo begin opsit en so aan. Dis Taxotere. Ek kry op die oomblik Taxol en hulle is amper familie van mekaar. Daar was seker twee of drie druppeltjies, volgens die suster, in my sisteem in, toe't ek so 'n benoude gevoel gekry en ek het 'n drukking in my kop gehad, iets verskrikliks en hulle sê ek was bloed bloed bloedrooi in my gesig. Toe het hulle my vinnig kortisoon ingespuit en toe't ek nou verligting gekry. Nouja, daar't ek toe nou my vrees vir die chemo ook gekry. So, jy is maar altyd bang. As ek gegaan het vir die catscan, het ek hierdie benóúde gevoel gehad. Werner moes langs my staan en die dokter moes by my staan, my hand vashou, ja, hy móve nie daar nie, hy bly net daar by my staan. Hulle spuit mos jodium in jou are in met die catscan. So nou ja, daarvoor was ek nou óók bang gewees. En, hulle het my later geken en ek dink ek het al 'n naam gehad: "Hoor hier, hier's daai mal vrou weer terug."

**Werner:** Wat ook gebeur het, daarna moes sy àl haar chemo wat sy toe gekry het, het ons onder hoësorg in die hospitaal oor 24 uur gegee. Elke maand moet ons hospitaal toe, hoësorg, 24 uur verpleegster by haar wat elke halfuur monitor, tot ons nou verander het na Taxol toe. Toe is ons weer terug spreekkamer toe.

**Drieka:** Ek weet nie, Jeanne-Werner, of jy dalk iets wil sê toe jy die nuus gehoor het van Mamma - hoe was dit vir jou gewees?

**Jeanne-Werner:** Ja, ek was in standerd vyf - ek het nie baie geweet van niks af nie. Ja, toe ek hoor my ma het kanker, is ek nie eintlik geskok, of enigiets nie, maar net kwaad omdat ek nie kon see toe gaan nie. Ja, ek het nie eintlik mooi die nuus verstaan nie, maar tot sy by die huis gekom het, het ons almal op die bed gelê en huil. **Ons het meer gepraat oor alles wat saakmaak en of ons mekaar nog gaan sien oor 'n paar jaar en daai klas van dinge.**

**Drieka:** Nou het jy dieper geraak, nè?

**Jeanne-Werner:** Ja.

University of Pretoria etd – Crafford, J D  (2003)

## 5. OM TE GESELS OOR DINGE WAT SAAK MAAK

Baie mense word deur hulle kanker geïnspireer om meer aandag te gee aan dié dinge wat meeste saak maak (Kneier & Rosenbaum 2001:7). Borskanker kan in sommige opsigte ‘n gawe wees, omdat dit mens meer laat fokus op wat belangrik is en wat nie. “It makes your life so much more precious” (Tarkan 1999:44). Terwyl die diagnose en behandeling van kanker ‘n verskriklike ervaring in baie opsigte is, kan dit ook ‘n uitdaging en selfs ‘n geleentheid wees vir positiewe veranderings in ‘n persoon en in ‘n persoon se lewe. In reaksie op hulle siekte staan baie mense met kanker terug om voorraadopname te hou van wie hulle is en hoe hulle gelewe het (Kneier & Rosenbaum 2001:7). Kneier & Rosenbaum (2001:7) sê verder:

> They reflect on their ultimate values and priorities, and often identity changes are warrented (and perhaps overdue) in their lifestyle and personal relationships. This is often the “enlightenment” or “gift” that comes with cancer, or the “wake-up call” aspect of cancer. Patients who embrace this aspect of their cancer experience have been found to be especially well-adjusted and better able to deal with the many trials and disruptions caused by the illness.

Openlike gesprekke oor wat regtig saakmaak, skep ook die geleentheid vir elkeen in ‘n gesin om sy/haar vrese en bekommernisse met die ander te deel en om mekaar sodoende te ondersteun (Castle 2000:12). “Talking helps to lighten the burden of feelings, just as crying does. It can be a wonderful tension-reliever. Discussing your problems can also help you to feel less as though they were out of control” (Strauss 1988:51). Daar word ‘n veilige omgewing geskep waarbinne almal weet dat niks wat hulle sê as dom of onbelangrik beskou sal word nie (Shone 1995:101). “Discussion at this early stage can help set the tone for everyone to come together in a positive way as a team” (Shone 1995:61).

**Drieka:** Sê 'n bietjie vir oom Johan hoekom wou jy nie gehad het moet ek skool toe gaan met jou krieket en dinge nie.

**Jeanne-Werner:** Ja, met die chemoterapie het haar hare uitgeval, ja, ek wou nie gehad het sy moet so skool toe kom nie, sy het toe 'n pruik gekoop. En toe ek in die hoërskool kom (ek het gholf gespeel vir die hoërskool) en Mias het vir my gevra (eendag het hy my Ma gesien sonder hare en toe met die pruik), toe vra hy of sy dit afgeskeer het, of wat, toe sê ek vir hom "nee, sy het kanker." Al die kinders by die skool, as hulle sien jou hare het uitgeval, dan dink hulle dit is kanker. Maar dis nie die kanker nie, dis die chemo.

**Drieka:** Ja, en hy wou ondersteuning gekry het van die een onderwyser ook, mnr. Lombaard by die hoërskool, hy's sy krieket meneer en ek weet nie, hy het my seker maar gesien met die pragtige pruik wat ek opgehad het en toe't hy vir Jeanne-Werner gevra of sy ma siek is en dié meneer se ma is toe ook oorlede aan borskanker. So hy het toe nou, dit was vir my so half 'n bondgenoot wat hy toe nou in die hoërskool het. Maar nouja, toe aan die einde van die krieketseisoen, toe kon ek nou met gemak tússen die toeskouers gaan sit, het ek nou maar net bietjie windaf gesit dat die wind nie my hare skep nie. Ons het eintlik groot pret oor die hare gehad. Soos Jeandrie, as ek haar gaan haal het, het ek net geskree: "Bring my pet!" En dan trek ek daar onder by die hoek en dan dink ek: "O, die hare!" reverse weer terug, skree: "Bring my hare, ek gaan vir Jeanne-Werner haal!"

So, ag en Jeandrie was op daai stadium wat, standerd twee, sy was op pad standerd drie toe, nè? Daar was baie juffrouens wat haar ook ondersteun het. Die sekretaresse by die skool is 'n groot vriendin van my - háár dogter het ook daardie selfde Desember oogkanker gekry. So, en sy het toe nou by my uitgekom en ons het 'n bietjie gesels. Toe het sy nou maar bietjie die woord versprei by die laerskool en vir die onderwysers gesê. Toe is daar ook die juffrou wat vir Jeandrie aerobics gee, se ma wat ook borskanker het en dit is toe nou al sewe jaar gelede in dáái tyd. Sy het vir Jeandrie onder haar vlerk geneem en bietjie met haar gepraat en berading gegee. Hulle het 'n voorstel gemaak dat sy 'n bietjie by 'n sielkundige uitkom en nouja, dié was heel tevrede. **Al iets wat dáár uitgekom het, is waarvoor was sy bang, was een vraag en toe sê vir my: "Mamma, al wat ek daar gesê het, is kanker." So ek dink dit, die wóórd *kanker,* is maar 'n verskriklike ding.**

## 6. DIE WOORD *KANKER*

Kneece (2001:XIII) noem die woord *kanker* "The most terrifying word in the English language." Dis sekerlik ook waar van menige ander taal. Tarkan (1999:37) sê: "To anyone, the word *cancer* evokes panic and fear of death, a gruesome one at that." Die woord bring beelde na vore van lyding, dehumanisering en dood (Aldredge-Clanton 1998a:11). Dit skep by mense 'n gevoel van hooploosheid (Gyllensköld 1982:133), onsekerheid en onveiligheid (Gyllensköld 1982:137) en dit word geassosieër met "ugly, insidious, frightening, horror-filled, presaging death" (Gyllensköld 1982:137). Kanker is vreesaanjaend omdat dit 'n moeilik beheerbare siekte is (Gyllensköld 1982:139). Henderson (1996:209) sê:

> When people hear the words "breast cancer," their automatic response system kicks in based on their prior knowledge of the disease. A diagnosis of breast cancer is scary for everyone. However, if the person hearing the words has experienced the death of a family member or close friend to breast cancer, the news may be even more overwhelming.

**Johan:** *Ja, dis asof die toekomsverhaal vir 'n mens doodgaan.*

**Drieka:** Dit is. Ek het in die begin, toe ek nou by die huis is en ek sien daai kleine babatjie en ek weet 'n mens mag dit nie doen nie, was ek **amper kwaad vir die Here**. *(Drieka bewoë).* O, kyk nou daai klein babatjie … (*band onduidelik)* … ma nou weggevat. Dis vir my so onregverdig, volgens my nou. En, die hele tyd het ek gedink hierdie kind gaan níks van my weet nie. Jeanne-Werner en Jeandrie is lekker groot al, hulle kan al 'n paar oulike dingetjies, dink ek, onthou van my, maar hierdie kind gaan nie weet wie ek was of … **en nouja, toe ek nou eers dáár verby is …**

## 7. KWAAD VIR DIE HERE

Die dinamiek van hoop oorleef wanneer mense op ‘n konstruktiewe wyse aan hulle woede kan uiting gee (Shurden 1998:10). Wanneer mense met kanker die volle impak beleef van al die verliese as gevolg van hulle siekte, ervaar hulle ook woede as deel van die rouproses – ook woede teenoor God. Aldredge-Clanton (1998a:14) skryf:

> People who grew up in families or churches that did not allow the healthy expression of anger often deny this feeling or give it a designation they feel is more acceptable. Instead of admitting anger toward God, people may say they feel confused that God let this happen or they feel life is unfair."

Dit is goed dat Drieka haar gevoelens kon erken en daaroor kon praat. Dit het geensins haar geloof en haar verhouding met God benadeel nie. Inteendeel, dit het haar gehelp *om daarby verby te kom* en sinvol aan te gaan.

**Drieka:** Eers wil ek vir jou sê **ek het geen beplanning gehad vir … nie eers vir 'n week nie, gladnie, ek het net besluit ek gaan niks meer beplan nie**, ek gaan nie 'n vakansie beplan nie, ek gaan nie dink wat gaan Jeandrie in die hoërskool maak nie, ek wil niks doen nie, ek wil niks weet nie. Nou sê my ma toe vir my *(Drieka vra Jeanne-Werner moet tissues in die gangkas gaan kry):* "Man, ek dink jy moet met mense praat wat dieselfde ding deurgemaak het as jy." Maar ek wil dit nie gedoen het nie. Ek wil nie hieroor … Reik na Herstel, hulle was by my in die hospitaal ook, maar ek wou nie gepraat het nie.

## 8. GEEN BEPLANNING

‘n Kankerdiagnose het ‘n geweldige impak op ‘n persoon se hoop proses. Toekomsplanne kan uitgestel of geaborteer word terwyl die persoon se volle energie op oorlewing gefokus word. Een van die mees algemene gevoelens wat mense met kanker ervaar is beheerverlies – hulle voel dat hulle nie meer hulle toekoms kan beheer nie (Aldredge-Clanton 1998a:40). Waar hulle voorheen

gevoel het dat hulle doelwitte kon stel om in die volgende drie of vyf jaar te bereik en planne kon maak om die doelwitte te bereik, voel hulle skielik buite beheer van hulle toekoms. "Goals are the plot elements that help give structure to life stories. Often the cancer experience results in the loss of goals that had provided a sense of purpose" (Aldredge-Clanton 1998a:41). In hierdie siuasie, skryf Holland & Lewis (2000:83), ervaar 'n mens 'n mengsel van angs- en depressiewe gevoelens tot só 'n mate dat jy skaars in staat is om met jou werk aan te gaan en jouself, jou gesin en huis te versorg – in kort, om betrokke te wees by jou basiese daaglikse aktiwiteite.

**Werner:** Hulle het gebel, 'n paar keer, toe wou hulle weet of hulle my kan kom help en tot ek vir hulle gesê het hoe ek voel oor die hele ding. Toe het die ou vir my gesê: "Meneer, ja, ek is bly jy voel so daaroor en ons sal nie weer na jou toe kom nie." Wat ek vir die ou gesê het, is dat, hulle het my gevra of hulle my kan kom help, toe sê ek: "Kyk, ek het dit aanvaar wat gebeur het, ek aanvaar my vrou soos dit is, ek … dit is waar dit gaan bly, jy weet en van daaraf gaan ons sáám bou aan die toekoms." Toe sê hy hy's baie bly ek sien dit so in, want ander mans gaan natuurlik heeltemal van hulle koppe af, hulle kan die vrou nie meer aanvaar nie en sulke goed. Toe sê ek: "Nee, dit is … vir my is dit nie eers op die tafel nie."

**Johan:** Hoe sou jy julle huwelik beskryf op daai stadium?

**Werner:** Ek dink omdat ek dit aanvaar het, was dit vir haar makliker gewees. Ons het nooit deur 'n moeilike stadium, huwelikstadium, gegaan nie *(Drieka beaam).*

**Johan:** So, julle het altyd 'n goeie, hegte verhouding gehad, nè (*Drieka en Werner beaam).*

**Werner:** Dit was net vir my asof, dis iets wat gebeur het en van hier af moet ons dit nou net agter ons sit en net vorentoe gaan en … dis verby. En ek moet ook sê hoe meer ou daaroor begin praat, hoe makliker het dit geraak om dit te aanvaar.

**Johan:** Ja, dit was 'n groot ding.

**Werner:** In die begin, jy kon nie vir 'n ou sê, ja, … jy weet: "Wat gaan aan met jou?" "Nee niks." En dan, dan daarnà, hoe meer jy praat en sê: "My vrou het kanker en dit en dit is hoe dit is," hoe makliker het dit geword.

**Drieka *(aan Werner)*:** Ja, ek dink jy is baie (vol? - *band nie duidelik)* emosies, (***aan my)*** want Jeandrie het vir my gesê eendag toe hy nou die nuus nou vir die werk moes gee omdat hy nou nie werk toe kom nie, toe het hy tranerig geraak oor die foon, en sy sê vir my "Mamma, ek het vir Pappa nog nooit gesien huil nie." So ek dink dit is iets wat 'n mens voor bang is, is om te huil voor iemand, of: "Haai, wat gaan hy nou dink," jy weet, "ek is nie man genoeg om," jy weet, "om nou nie te huil oor so iets nie." Maar ek dink hoe meer 'n ou daaroor praat en die mense … dis ongelooflik hoeveel mense in jou belangstel.

**Johan:** *Ja en weet jy, ek het dit ook nogal so beleef. As ek moet terugdink, dan dink ek was dáái dag toe my vrou háár operasie gehad het, die eerste dag wat ek voor my kinders gehuil het. Toe ek daai aand by die huis kom, my oudste seun was op daai stadium so 21, het ons die aand in die kombuis spontaan mekaar omhels en op mekaar se skouers gestaan en huil. Ek en my dogter kon mekaar vashou en ons kon saam huil. Dis net asof daar net 'n totaal ánder band tussen die familielede ontstaan op daai oomblik (Drieka beaam deurgaans).*

**Drieka:** Ja, die ding is net, veral met die kinders, nè, Jeanne-Werner, was daar, soos ek sê, op pad standerd ses toe …

**Werner: …** hulle was nog klein, hulle het nog nie werklik verstaan wat aangaan nie, waaroor dit gaan nie.

**Drieka: …** ek was net bang gewees ek kyk goed mis, ek dink dalk hulle hanteer dit goed, maar hulle doen dalk nie, en dit het ek elke geleentheid, ek het dit vir hulle honderde kere gesê, "as jy enigiets hoor by 'n kind oor Mamma se siekte, of sommer net in die algemeen gesels, of iets lees, of iets op televisie sien, of … " (want hierdie flieks maak hierdie arme kankerpasiënte darem verskriklik treurig, en dis blywend vir so 'n kleintjie in sy ou koppie), … "en enige, enige ding

wat jou pla, of ontstel, of enigiets, kom praat met my." En dis wat hy nou sê, ons het lekker lank op daai kooi gelê en huil oor dinge wat pla.

**Johan:** Ja, Jeanne-Werner, kan ek vir jou vra, as jy nou terugdink, daai lekker saamgesels op die bed, wat het dit vir jou beteken as 'n jong seun op daai stadium?

**Jeanne-Werner:** Ek weet nie, dis, soos my Ma gesê het, **ons het nie geweet wat gaan ons doen, wat gaan gebeur nie**, ons het seker maar net gepraat oor die toekoms, oor my hoërskoolloopbaan en wat gaan ek doen ná skool en … dinge gaan weer regkom.

**Johan:** En, het dit vir jou 'n gevoel van gerustheid gegee?

**Jeanne-Werner: Ja, so 50%, 50/50, want ek het nie geweet wat gaan gebeur nie en tog het ek geweet, ja, dit gaan seker maar reg wees - so, reggemaak vir die slegte én die goeie.**

**Johan:** *Mm, **en alles is onseker op daai stadium, die slegte én die goeie, jy weet nie watter kant toe nie, nè.***

**Jeanne-Werner: Ja, jy weet nie wat gaan vir wat nie.**

**Drieka:** Ek dink die slegte wat 'n ou aan kan dink, oorheers amper die goeie op daai stadium, wat 'n ou net amper half die swart kant van die hele ding raaksien.

## 9. DIE ONSEKERHEID VAN KANKER

Kinders is bang dat hulle lewens gaan verander. Hulle vind ‘n groot deel van hulle sekuriteit in die wete wat om van dag tot dag te verwag, en ook in die toekoms. Skielik is hulle lewens ontwrig en hulle weet nie wat om vandag en van nou af verder te verwag nie. “Their family security is at risk of disappearing” (Brazy & Ircink 2000:2).

Holland & Lewis (2000:40) skryf: "That wonderful sense of certainty and expectation of continued life and health, a kind of denial that the bubble can ever burst, is destroyed. Learning to live with uncertainty becomes the bottom line in dealing with cancer."

Vrees en angs is bykomende psigologiese dinamikas van die kanker ervaring. Vrees vir die onbekende is universeel vir alle mense. Mense met kanker (én hulle families) leef saam met die onbekende: die onbekende oorsprong van die siekte en die onbekende prognose. 'n Kankerdiagnose begin 'n tydperk van onsekerheid aangaande die toekoms wat oor baie jare kan strek. Kanker bring meer vrae na vore as wat daar antwoorde voor is. Mense voel dikwels gefrustreerd en verward oor die onsekerheid van medici (Aldredge-Clanton 1998a:17). Cavanagh (1994:231,232) beskryf hierdie onsekerheid as volg:

> This uncertainty may be frustrating to health-care professionals working with cancer patients, but it can be devastating for patients and their families. On one day doctors have good news, on the next day confusing news, on the third day no news at all, and on the fourth bad news. This creates an emotional roller-coaster for patients and their families which can be more stressful than simply getting bad news with absolute certainty.

Wanneer kanker gediagnoseer is, het die vrees wat deur al die onsekerhede veroorsaak word meer angs tot gevolg as die vrees vir pyn of selfs die dood. Oor die algemeen is mense meer verlig na die uitslag van 'n beenskandering of enige ander toets, selfs indien dit 'n verspreiding van die kanker toon, want hulle sê om te weet wat hulle in die gesig staar is makliker as om bekommerd te wees oor die onbekende (Aldredge-Clanton 1998a:17). Daarom dring baie mense daarop aan dat hulle dokters vir hulle 'n prognose moet gee oor hoeveel tyd hulle oor het, selfs al mag die dokters ongemaklik wees daarmee om uitsprake te maak oor wat hulle nie met sekerheid kan weet nie. Sommige mense sal eerder wil weet dat hulle net ses maande oor het om te lewe as om die angs te verduur van 'n onbekende toekoms (Aldredge-Clanton 1998a:41). 'n Mens moet egter aanvaar dat daar baie vrae is wat nie beantwoord kan word nie (Shone 1995:49).

Die onvermoë om die toekoms te sien, of om 'n beter toekoms te sien, lei sommige mense met kanker tot wanhoop (Aldredge-Clanton 1998a:41). "Finding meaningful, hopeful life through all the waiting and uncertainty of the cancer experience presents a major spiritual challenge" (Aldredge-Clanton 1998a:59).

Te midde van al die onsekerhede kan korttermyn doelwitte gestel word wat vir mense kan hoop gee, byvoorbeeld 'n naweek uitstappie na voltooiing van die radioterapie, of om kaartjies te koop vir 'n gunsteling vertoning om jou gemoed op te vrolik in die middel van jou chemoterapie. "Hope can offer a small island of strength in a sea of worry and fear. For most of us cancer is about living with uncertainty. In the face of such uncertainty, what's wrong with hope?" (Sampson & Fenlon 2000:191).

Die onsekerheid van kanker en hoop het egter ook 'n ánder kant. Strauss (1988:4,5) skryf:

> But a medication that fails to work at first may also suddenly become effective. Tumors have been known to shrink spontaneously. A bed ridden patient may return full time to a demanding job. So the opposite of that uncertainty is hope, if you look at it the right way. And hope is essential. Never forget in the days and weeks ahead that it is possible to live with cancer, and it is also possible to live with dying, if in the end you have to.

Strauss (1988:18) sê verder: "Life is full of unknowns right now, but be assured that the stresses and uncertainties of cancer *can* be handled. And try to leave room for hope. Your family's history, after all, is still being written."

**Werner:** Op daai stadium het ons, ons het nie baie huisvriende nie, ons het maar so drie of vier verskillende mense wat werklik by ons gekuier het en **op daai stadium het almal basies net weggeraak. Ons het nooit weer iets van hulle gehoor, of, so asof hulle bang was om na ons toe te kom.**

**Johan:** Ja, waaraan sal julle daai bang wees toeskrywe?

**Drieka:** Ek sal ook nou iets sê daaroor.

**Werner:** Ek het 'n idee dat hulle nie weet hoe om met jou te praat daaroor nie. **Hulle is bang om met jou te gesels, want hulle weet nie wat om vir jou te sê nie**, want basies niks wat jy vir 'n ou sê op daai oomblik, maak dit beter nie. Jy kan sê wat jy wil, dit is net woorde. En ék sê hoe meer ek daaroor praat hoe beter voel ek oor dit, maar ek dink op daardie oomblik weet hulle nie wat om te sê en hoe om dit te hanteer nie. **En, so, die vriendskap het net heeltemal totaal en al doodgeloop.**

**Drieka:** **Ja, ons het 'n spesifieke vriendin**, sy was eers ons buurvrou gewees, ons het baie (Jeanne-Werner en Jeandrie het omtrent by haar geboer, en haar kinders by my), **en sy het totaal en al van die aardbodem af verdwyn, ek weet nie van haar nie, sy kontak my nie, niks nie.** Ek dink net, ek het nou al spesifiek gehoor ook van mense as iemand dood is in die familie, dat hulle sê: "Haai weet jy, ek weet ek moet by daai ou 'n draai maak, maar weet jy, ek weet nie wat om vir hom te sê nie." En ek dink dit is wat met hulle gebeur het, of hulle wil nie oor die kanker praat nie. Ek weet nie, ek sou gesê het 'n ou moet, omdat ek nou self in daai situasie is, gaan na daai ou toe en laat hy jou lei waaroor wil hy gesels. As hy dan nou net oor die weer en die kinders en die ousie wil praat, dan praat jy daaroor. Sal hy dan iets vir jou gee van die siekte, dan, dan gesels jy daaroor. **Ek weet nie, en ek dink, ek dink net hulle is maar bang om, om soos ek sê, weereens jou emosies, gaan húlle dalk uitbars in trane en jy's oraait op daai stadium. Ek dink hulle is maar bang dáárvoor ook.**

**Johan:** Ja, so **hulle weet dalk nie hoe om húlle emosies te hanteer nie.**

**Drieka:** Dis reg, ja. So, ek weet nie, dis net vir my baie hartseer, want ek is nog net dieselfde ou Drieka.

**Johan:** Goed, afgesien dan van die verlies van die operásie, is dit **nóg 'n verlies wat verwerk moes word *(Drieka beaam)* as gevolg van die operasie wat jy gehad het.**

**Werner: Dis so asof hulle jou weg wil hê: "Jy is nou siek en ons wil nie jou siekte hê nie en nou kom ons nie weer nie."**

**Drieka:** En jy het hulle eintlik in elk geval baie nodig gehad. Maar gelukkig het ek 'n baie goeie ondersteuningsisteem met Werner en die kinders en my Ma en ek het drie ander sussies.

**Werner:** Maar ons het nou nog nie, ons het nie vriende nie. Ons het ons familie en dit, dit is ons vriende.

## 10. DIE VERLIES VAN VRIENDE

Die donker gedrukte sinne hierbo vertel die hartseer verhaal wat deur baie navorsers beskrywe word, naamlik die verlies van vriende wanneer iemand met kanker gediagnoseer is (Gyllensköld 1982:143, 279; Jensen 1984:223; O'Hare 1987:111; Friedman (et al.) 1988:529; Strauss 1988:54; Frank 1991:38-39, 103; Runowicz & Haupt 1995:133; Frank 1998:208; Zuckweiler 1998:121). Becvar (1996:84) praat van mense wat kankerfobies is.

In die mate wat ons kultuur groei in siekte voorkoming en gesondheid, word siekte al meer sosiaal onaanvaarbaar. Alhoewel mense nie meer rasionele vrese het dat kanker aansteeklik is nie, wil hulle soveel as moontlik afstand behou tussen hulleself en kanker en mag selfs onttrek van vriende wat die siekte het. Aldredge-Clanton (1998a:82) sê ook:

> This withdrawal comes from a variety of conscious and unconscious sources, such as primitive fears of contact with cancer and confusion about what to say. Thus many people with cancer still experience social ostracism. They may express the feeling of being contaminated or of being perceived by others as contaminated.

Baie mense vind dit moeilik om te sosialiseer met mense wat 'n lewebedreigende siekte het. Sulke interaksies kan veroorsaak dat hulle eie vrese vir siekte en sterflikheid na die oppervlak

kom en daarom verkies hulle om kennisse te vermy of vriende te verlaat wat kanker het (Aldredge-Clanton 1998a:83).

Die meeste mense voel ongemaklik en wonder wat om te sê en hoe om op te tree wanneer hulle kontak het met ‘n vriend of familielid wat met ‘n ernstige siekte gediagnoseer is. Gewoonlik kry mens die regte woorde en die beste manier om noodsaaklike hulp en ondersteuning aan te bied. Tensy ‘n mens baie naby aan die pasiënt kom, hoef jy nie die volle las te dra nie en deur net ‘n klein takie te verrig, word aansienlike ondersteuning verleen. Nogtans, skryf Shone (1995:57):

> some people are terrified of illness and just cannot cope with the feelings that it provokes in them. The feelings are so strong that they produce a state of panic, which causes them to flee from it – to distance themselves. It is probably an anxiety that needs some sympathy rather than condemnation. This exaggerated fear may be a legacy of some experience in their past; it is not only related to cancer, but to illness and hospitals in general.

**Drieka:** Ja, ons kuier maar by die familie, want hulle het ook vir my baie baie beteken. My swaer, hy's eintlik 'n Engelsman, nou praat hy ook maar nie die vlotste Afrikaans nie, sê: "Ek weet nie waaroor julle so huilerig is nie, Drieka gaan oraait wees, ek wéét dit net." So, hy het altyd so 'n positiewe ding gehad wat hy hier kom sê het. "Ek weet nie wáároor is julle so tranerig nie." So, ek weet nie, ek … is daar nog iets waaraan julle kan dink wat ons uitgelos het?

**Werner:** Net die dokter wat elke keer vir jou sê moenie worry nie, sy't nog iets, "I still got something up my sleeve en as dít nie werk nie, I still got something up my sleeve."

**Drieka:** Ja, ag ek kan miskien ook net 'n bietjie oor my verhouding met die dokter ook praat. Sy, omdat ek elke week gaan (ek was nou vir my 89ste week daar - so, ek weet nie, miskien beplan ek 'n "party" vir die honderdste ene), sy gesels met my oor navorsing, oor haar kinders, oor haar ma, oor enige ding. Sy's vir my nou soos eintlik die vriendinne wat ek verloor het, sy en die mense wat daar werk, is nou vir my so. Ons het nou al só 'n verhouding opgebou, dat ek en

die suster, ons giggel só, dat dit partykeer verskriklik klink - dit klink soos 'n henneparty daar. En ons kan byvoorbeeld net vir mekaar kyk, ons hoef níks te sê nie, sover het daai vriendskap al gevorder. Jy kyk net vir mekaar, dan weet jy presies wat die ander een sê. So en dis nou so lekker eintlik om te gaan. So, die mense wat jy daar kry, selfs húlle bietjie uit te kan lig, want baie keer as ek daar kom dan sit daar ou omies en tannies en so, en niemand sê boe of ba nie. Dit is so 'n doodse stilte.

**Werner:** Ek gaan elke keer saam met haar, dan, as ons daar inkom, dan sit almal daar op die stoeltjies, niemand sê 'n woord nie, hulle kyk net so voor hulle. Dan kom sy en ek in, dan begin ons grappe maak. Ag, dis net vyf minute, dan gesels almal saam. Dan is hierdie atmosfeer weg: "Ons gaan nou hier sit, en ons gaan almal doodgaan." Dit is, as jy daar inkom, hier sit almal en almal is te bang om na daai ou toe te kyk, want hy's … dan begin ons praat: "Hoor hier, wat is fout? Wat se kanker het jy?" En dan begin almal te gesels en op die einde van die dag as ons huis toe gaan, dan ken ons almal se hele geskiedenis en dan is almal nou gelukkig. Die volgende keer as jy inkom, dan is dit: "Haai, hoe gaan dit?" Totdat jy nou 'n dag skuif en jy maak dit nou van die Maandag na die Dinsdag toe, dan ontmoet jy die weer Dinsdaggroep, dan sit weer almal maar doodstil, totdat jy hulle nou eers weer aan die "go" kan kry. As jy op 'n Dinsdag daar inkom, dan sit die hele plek vol, dan sê ek vir Sharné: "Ja, vandag werk jy weer bietjie vir jou geld" en begin hulle almal nou te lag en kom hulle agter ons is … jy móét so wees.

**Drieka:** Ag, maar jy respekteer, daar ís ouer tannies en so aan wat jy nou, jy weet, los hulle maar so, laat hulle maar hulle teetjies drink en so aan. Maar oorgrote meerderheid is groot pret daar, regtig. Dit was aan die begin nie vir my so nie, maar dit, ek bedoel na 89 weke, dink ek kan 'n ou 'n lekker verhouding met hulle opbou.

**Johan:** Ja, so, humor, klink my, het nogal 'n redelike rol begin speel in die hele proses.

**Werner:** Ja.

**Drieka:** Absoluut, ja. Ja, ek bedoel dit het by my hare begin, nè, en dit was 'n kort tydjie na die operasie, toe ek nou weer mobiel is en ek kan ry en so aan, nouja, toe het die pret begin.

**Werner:** Ja, toe die goed begin uitval, toe't ons dit afgesny, sommer in die kombuis met 'n skeermes. Toe't sy van die gholfpette begin dra.

**Drieka:** Ja, my swaer, ek het sommer gesit saam met die seuns, as hy hulle doen, dan doen hy sommer myne ook gou-gou. So, ag, my hare was nie vir my 'n krisis gewees nie. Dit was nie. Ek het die eendag nou net gesit en ek het dit so begin vryf, deur dit werk, toe sien ek maar hier kom hare uit. Ek het seker so 'n dag daarmee geloop, toe sien ek nie nee, hene, ek lyk *(asemhyg)* verskriklik siek.

**Werner:** 'n Mens lyk verskriklik siek as jou hare so uitval en dis sulke kolle. Maar ons het, ag, voor jy chemo gekry het, het ons gegaan en 'n pruik gaan koop, want dan's jy seker, partykeer val dit uit, partykeer nie. Toe sê ons kom ons gaan koop 'n pruik, kry 'n pruik wat aanpas by jou natuurlike hare, gooi hom in die kas. Die dag as jy hom nodig het, dan voel jy nie sleg as dit gebeur nie, want dan weet jy jy het iets.

**Drieka:** Ek sal dit nooit vergeet nie. Ek en Werner het die een dag daar bo by Wonderboom-Suid, daai Steers wat daar is, het ek nou gaan oefen *(laggend)* met my pruik. Dit was nou nogal groot pret, want nou't ek gesit en die vinger hier, want dit jeuk, ek het eintlik half gewens ek het 'n breipen gehad om dit so te werk. En toe nou daar 'n hamburger geëet en so aan, en weer met die haartjies terug, nouja, so het ek my oefenlopie gehad met die pruik, dat ek nou nie 'n flop maak nie.

**Werner:** By die skool, wat het die vroutjie van die pawiljoen af vir jou gesê?

**Drieka:** Ja, ek was eendag by die netbal van Jeandrie, toe …, en ek sien die vrou kyk my so, toe dog ek hene, jong, êrens moet daar seker iets uithang, of, jy weet, so…En toe die verrigtinge toe nou verby is, toe kom sy na my en sê: "Hoor hier, ek wil net vir jou vra: waar doen jy jou hare? Dis fantasties!" *(Laggend).* Ek sê vir haar, "hoor hier," (haai, 'n mens kan mos nou nie jok nie, nè, want waar moet ek nou 'n haarkapper uitdink, want ek weet nie van 'n "smart" ene wat ek vir haar kan gee nie) en toe sê ek vir haar: "Hoor hier, jy moet nou nie sleg voel nie, maar dit is 'n

pruik, hoor." *(Asemhyg)* Toe't sy só sleg gevoel. Ek kon sien toe sy by haar vriendinne kom, dit tjie-tjie-tjie net so. Sy't seker só sleg gevoel dat sy my dít nou gevra het.

Maar nouja, ek weet nie … is daar nou nóg ietsie?

*(Ons drink eers koffie, en besluit oor die verdere verloop van die gesprek).*

**Johan:** Drieka, binne jou verhaal is daar dan ook die verhaal van chemoterapie. Sal jy dit ook met ons deel, asseblief?

**Drieka:** Ja, Desember is ek gediagnoseer '98, en Januariemaand het ek begin met my chemo. Die eerste chemo was vir my nogal baie traumaties gewees. Lyk vir my met die spanning wat 'n ou nou het, verdwyn jou are na die onderkant toe, ek weet nie, maar niemand kan dit sien nie. Hulle het my hande in warmwater gedruk en so, om van my are te kry en toe't ek al geweet hier begin 'n ding. En toe hulle nou vir my die Taxotere gee, toe, ag, hulle het dit vir my omtrent net begin gee, toe't ek nou hierdie benoude gevoel en ek raak benoud en ek is rooi in my gesig, en so aan. Toe't hulle nou nooit weer probeer om daardie Taxotere vir my te gee nie, want dit was 'n baie traumatiese ervaring vir my. En toe het hulle probeer om vir my die Taxol te gee, gesê hy is soort van familie van die Taxotere. En omdat ons bang was vir wéér 'n reaksie, toe het ek dit in die hospitaal mos gekry, in hoësorg. Elke maand vir twee dae was ek daar. En ek was net die eerste twee keer van my chemo was ek naar gewees, so verskriklik naar, ek kon vir 'n hele week nie eet of drink nie. Ek het net gelê. Ek was so wit, so wit soos 'n laken. Kilogramme verloor en ek kon nie eers water drink nie. Dit was net vir my iets vreesliks gewees. Nouja, en dan die volgende week herstel ek net so 'n bietjie, dan die derde week, dan's ek weer honkey dorey en die vierdie week dan gaan ek weer vir behandeling. So, ek het net die eerste twee kere siek geword. Ek is by 'n Bybelstudiegroep en ek glo nog steeds dit is met hulle hulp, want niks in die behandeling het verander, of iets nie, het hulle vir my gebid, spesifiek dat ek nie moet siek word nie en van daai agt behandelings wat ek gekry het, was ek net daai eerste twee siek en ek was nog nooit weer siek van chemo nie.

**Johan:** Dit was 'n wonderlike ervaring.

**Drieka:** Ja, nog nooit nie. En, nouja, toe't ek hierdie goed in die hospitaal gekry. Ek was maar 'n bietjie moeg gewees. So die tweede, derde dag, dan tel ek weer op, dan gaan dit weer beter, maar ek was nie naar nie, ek het altyd met my volle dagtaak aangegaan: die kinders skool toe gevat, rondgery, atletiek gaan kyk en netbal, en alles. Nouja, toe't ek seker nou die agt behandelings tot en met September …

**Werner:** Jou hare het net na die eerste sessie uitgeval, weer gegroei, en daarna nooit weer uitgeval nie.

**Drieka:** Ja, **toe het hulle nou vir my 'n drie maande ruskans gegee**, toe moes ek haar oor drie maande weer sien **en toe ek nou teruggaan, toe spoor sy weer iets in die lewer op. Ek het lewerverspreiding gehad**. Toe sê sy vir my sy moet nou vir my sê daar's weer definitief aktiwiteit in my lewer. En, nouja, toe't sy nog net gepraat van hierdie medisyne wat van oorsee af kom, maar dis nog nie hier geregistreer nie en sy sou dit vreeslik graag vir my wou gee.

## 11. HERVATTING VAN DIE KANKER

Een van die mees traumatiese punte in die verloop van die siekte is die ontdekking van ‘n terugkerende tumor. Baie van dieselfde vrese van die aanvanklike diagnose herleef weer (Peteet 1984:166). Holland & Lewis (2000:240) skryf:

> To hear that “the cancer has come back” is devastating news. It means facing treatments again after assuming all was well and hoping it would never come back. It means wondering, “Will the new treatment work?” and, if it does, “How long will it work?” It means saying to yourself, “Maybe this cancer can still be controlled with the treatments available until something *really* good comes along that will zap it and get me back to where I was.” The feelings of fear, regret, and uncertainty, tinged with hope for a new treatment, are all mixed together, and the one that dominates varies on the basis of the current news and how you’re feeling physically.

Vinnige diagnose en behandeling gee weer hoop wat die plek inneem van vroeëre hoop op genesing (Peteet 1984:166).  Daar is altyd hoop dat ‘n nuwe middel of behandeling “in die pyplyn” is wat die kanker op dié stadium sal omkeer (Holland & Lewis 2000:241).

**Drieka:** Nouja, toe't ek nou weer 'n behandeling gekry, November en Desember, het ek **'n ander tipe chemo** gekry en voor ek die derde een kry, toe't sy weer my bloed getoets (sy monitor my vreeslik goed), toe sê sy: "Nee, hierdie ding werk nie met jou nie."  Nouja, die dinge het toe nou só vinnig gebeur.  **Sy is met Switserland in verbinding gewees en die navorsers en die maatskappy**.  Hulle het van my borsweefsel weggestuur en teruggekom en gesê nee, ek kwalifiseer nie vir hierdie studie nie.  **En toe sê sy maar sy dring daarop aan hulle moet dit wéér doen.  En toe nou met die tweede uitslag, toe sê hulle maar ek het definitief die aggressiewe kankergeen, ek kwalifiseer vir hierdie studie**.  Nou sê ek vir Werner, dis eintlik so ironies, aan die een kant hoop ek ek het nie hierdie aggressiewe geen nie en aan die ander kant hoop ek dit, want ek weet van watter resultate het die vrou my van vertel, van hierdie medikasie.

Nouja, van Februarie af toe't ek nou hierdie medisyne begin kry.  Elke week gee hulle dit vir my, in kombinasie met my Taxol.  So ek kry nog steeds elke week die chemo ook by.  Nog steeds nooit siek geword nie. Ek is weer terug by die skool ek hou nou weer skool.  Ek gaan normaalweg aan met my dagtake.

## 12.  MEDIESE NAVORSING EN HOOP

Baie mense met kanker wil graag deelneem aan navorsing studies.  Mense wat in kliniese ondersoeke aanvaar word, plaas gewoonlik méér hoop op hierdie eksperimentele behandelings as die dokters en wetenskaplikes.  Volgens Aldredge-Clanton (1998a:111) demonstreer baie mense wat hierdie behandelings ondergaan “the human capacity to hope against all odds.”  Die hoop wat hulle verkry van die eksperimentele behandeling kan bydra tot die uitbreiding van die kwantiteit sowel as die kwaliteit van hulle lewens.  Hulle vind ook satisfaksie in die wete dat hulle deelneem aan ‘n studie wat kan bydra tot wetenskaplike vooruitgang, en wat gevolglik mense in die toekoms kan help (Aldredge-Clanton 1998a:111). Barraclough (2000:16) sê:  “The knowledge that they are helping future sufferers, even if they derive no direct benefit themselves,

University of Pretoria etd – Crafford, J D (2003)

may inject some worthwhile meaning into an otherwise dismal situation." Die dokter en pasiënt word vennote nie net in die behandeling nie, maar ook in die navorsing. "Becoming a partner in a clinical investigation is a helpful way of coping for many people" (Holland & Lewis 2000:115).

Daar is altyd hoop dat ‘n nuwe middel of behandeling "in die pyplyn" is wat die kanker op dié stadium sal omkeer, veral nou met borskanker waarvoor hormonale en immuun terapieë ontwikkel word (Holland & Lewis 2000:241).

Die soeke na nuwe middels en behandelings is ‘n baie belangrike dimensie van die Christelike hoop. "Christian eschatology is a way of intending and pursuing the future based on the promises of God" (Simmons 1998:11). Christene wag nie net vir die toekoms van God se seën nie, maar werk aktief vir die realisering daarvan. Die toekoms is oop en nie geslote nie; dit is plooibaar en nie staties nie. Dus lê beplanning en harde werk aan die basis van hoop en toekomsverwagting. Simmons (1998:12) sê verder:

> Hope energizes the human search for cures. Centuries of medical science have brought about an extensive array of therapeutic interventions. Hope is the ground and reason for any medical science at all. Such projects are not pursued in vain, but with the promise that many good results will come from the process of trial and error.

In die vrouetyskrif **SARIE** van 3 Oktober 2001 is ‘n artikel gepubliseer oor die behandeling wat Drieka ontvang het. Die dokter het gesê sy behandel borskanker al langer as 25 jaar, "en die eerste keer is daar ‘n medikasie wat gemik is op wat geneties in die kankersel verkeerd is" (Van der Merwe 2001:84). Hierdie behandeling word nie as ‘n kuur beskou nie: "dit beheer die siekte en verbeter die pasiënt se lewenstandaard. Soms kan dit wel ‘n gewas vernietig" (Van der Merwe 2001:86).

**Mag die hoop ook hiér nie beskaam nie, dat Drieka se deelname aan hierdie navorsingsprojek tot seën en hoop sal wees vir baie ander vrouens met borskanker.**

University of Pretoria etd – Crafford, J D (2003)

**Drieka:** Al wat nou vir my bietjie pla, is, ek het 'n dooie gevoel in my hakskeen begin kry, heeltemal dood. Dit was lank daar, seker 'n maand, twee maande, toe't dit weer begin herstel, want dit lyk vir my hy tas bietjie van jou senuweepunte aan. Ek glo dis die Taxol, want sy sê ook vir my dit kan net die Taxol wees. Die Herceptin het geen, geen uitwerking, hy't geen newe-effekte nie, want hulle gee hom ook vir ouer mense wat chemo het. Ek praat hier van tannies van sestig, sewentig vir wie hulle dit gee, so dis nie só toksies nie.

Iets wat ek nog ondervind het, is my tande, byvoorbeeld, word 'n bietjie swakker, en byvoorbeeld my krone, onder die krone degenereer my tande, hulle raak heeltemal bros. En dan nou my vingernaels, dit lyk asof jy (dit het nou kort gebeur), dit lyk asof jou naels agteroor gebuig het. Hy't 'n definitiewe merk en dis verskriklik seer. My hande was verskriklik gevoelig, die vingerpunte. Maar nou lyk dit vir my asof dít ook verbygaan, want die nael is weer besig om uit te groei, dit is nie dat hy opgehou groei het nie, hy groei nog steeds.

En dis eintlik maar al wat ek … ag, my hare. So af en toe dan, ek dink dis maar jou haarsiklus, wat hy dan bietjie dooierig raak en so, maar by tye lyk dit of hy bietjie wil uitval weer, maar ek het nog nooit weer helemaal 'n totale haarverlies gehad nie.

**JEANDRIE SE VERHAAL**

(Jeandrie kon nie by bovermelde gesprek wees nie, en het háár verhaal op skrif gestel. In die volgende hoofstuk word daarop gereflekteer).

Ons gesin het iets vreeslik ervaar so paar jaar gelede. In 1998 is my ma gediagnoseer met borskanker. Toe ek die dag dit hoor, het ek net aan dood gedink "want jy hoor net elke dag hoeveel mense doodgaan a.g.v. kanker." Ons het gehuil en gehuil en die Here gevra om ons te help om saam met my ma deur die omstandighede te kom. Dinge het so vinnig gebeur, dat sy sommer die volgende dag 'n mastektomie gekry het. Dit het my natuurlik maande geneem om oor die vreeslike nuus te kom, maar met die "Here aan my sy het ek dit reggekry." Ons geestelike lewe het baie verander en die huis se omstandighede ook. Toe my ma chemoterapie begin kry toe was die Here so goed vir haar dat hulle haar op 'n internasionale studie gesit het.

Nou bietjie meer oor hoe ek dit ervaar het.

Ek het vreeslik baie gehuil toe ek dit hoor, ek het gevoel ek gaan my ma nooit weer sien nie. Ek wou net die heeltyd by haar wees, sy het my vasgehou en vir my gesê ek moet nie bang wees nie, die Here sal ons gesin seën. Ek het gebid en gebid, gebid, gehuil dag en nag. My tannie en my ouma was op daardie stadium vir my baie "close" aan ons kinders. My pa het ons ook baie ondersteun, my ma gehelp met Jovan, ens. Toe die skool begin het byna al die onderwysers geweet van my ma se siekte, my vriende het my ook baie ondersteun. Die onderwysers het met my gepraat en my gevra of ek enige iets nodig het en vir my gevra hoe dit met my ma gaan. Die belangstelling van soveel mense het my verstom laat staan. Ek het nie geweet dat daar soveel mense is wat in my omstandighede belang sal stel nie. Almal het gesê hulle bid vir ons en ek dink dit is hoekom dit vir my sommer van daar af maklik geword het.

## HOOFSTUK 2

## DIE FAMILIE SE VERHALE (2)

**Johan:** Jeandrie, baie dankie vir die stuk wat jy vir ons geskryf het oor jou ma se siekte en hoe jy dit beleef het, nou wil ek vir jou 'n paar vrae vra, en jy kan sommer net lekker gesels daaroor. Jy skryf dit het jou "maande geneem om oor die vreeslike nuus te kom." Wat het jy alles vir jouself gesê in daardie maande?

**Jeandrie:** Ek het maar net gebid en met mense gesels om dit uit te kry. Dis maar al.

**Johan:** "Gesels om dit uit kry…" Ja, wat het dit vir jou beteken om met mense te gesels? Wat het dit aan jou gedoen?

**Jeandrie:** Dit het vir my baie beteken. Die mense het my ondersteun en hulle het by my gestaan, saam gehuil en saam gepraat.

**Johan:** En dan was dit ook makliker gewees om hierdie probleem te hanteer, as daar ander mense is met wie jy kan gesels daaroor, nè?

**Jeandrie:** Ja.

**Johan:** Jy skryf ook: **"Ons geestelike lewe het baie verander en die huis se omstandighede ook.** Nou het ek hierdie twee vrae: **Vertel asseblief: Hoe het julle geestelike lewe verander? Hoe het julle huis se omstandighede verander?** Kom ons begin by die geestelike lewe van die familie. Hoe het jy dit beleef, wat het verander?

**Jeandrie:** **Ons het kerk toe gegaan en met 'n ander oor geluister** na wat die dominee gesê het. **Meer aandag gegee** aan wat hy gesê het.

**Johan:** Dankie. Ek wonder, Jeanne-Werner, as ek jou kan vra - hoe het jy die geestelike verandering beleef?

**Jeanne-Werner:** Ja, dit was meer intens. **Ons het probeer om meer uit te vind van die Here**, want, kom ons sê **ons geestelike lewe was nie groot totdat my ma siek geword het nie. My ma het baie Bybel gelees. Toe't ons baie boeke gekry, my ma het vir ons boeke gekoop en ons het begin lees. Ons het meer kerk toe gegaan, baie meer. Ons het baie meer gebid en geglo.**

**Johan:** Kan ek vir julle vra, Drieka, hoe jy en Werner dit beleef het?

**Drieka:** Ek kan vir jou sê 'n mens gaan kerk toe en jy probeer 'n boodskap kry, maar, jy weet, baie keer dan sit 'n ou en dan kom jy uit die kerk uit en dan dink jy, weet jy, ek kan nou nie rêrig onthou wat het die dominee gesê, of waar het hy uit gelees of wat nie - niks teen jou nie, hoor! *(Ons lag lekker oor hiérdie een!).*

**Johan:** Kan ek dit skryf?

**Drieka:** Maar **dit is net vir my asof ek kerk toe gegaan het en ek het geweet ek gaan iets daaruit kry.** Ek dink dis wat die kinders ook probeer sê, mens het met 'n ander oor geluister. Ek dink hulle het besef die dinge loop nie maar net van die een dag na die ander outomaties nie. So, dit was vir my …

**Jeanne-Werner:** Ja, elke les het iets beteken … *(die res van die sin is onduidelik op die band).*

**Johan:** So, as jy nóú luister, dan luister jy ook …

**Jeanne-Werner:** **Jy luister dieper, ja**.

**Johan:** Jy luister dieper om 'n boodskap vir jouself uit te haal, nè?

**Werner: In die begin, die eerste keer, dan voel jy skuldig, want toe dit goed gegaan het met jou, het jy dit aanvaar. Nou ewe skielik gaan dit sleg met jou en nou wil jy vir die Here gaan vra "Help!" Jy weet, jy voel skuldig. Hoekom moet jy nóú vra, nou dat jy in die moeilikheid is, jy weet, jy moes dit áltyd gevra het.**

**Drieka:** 'n Ou aanvaar dit as vanselfsprekend, dink ek.

**Werner:** 'n Groot ding wat dit meer aanvaarbaar gemaak het, as ek reg onthou, staan dit in Deut. 28 - daardie stukkie oor die strawwe en seëninge. Dit maak nogal 'n verskil. As 'n ou teruggaan kyk jy maar altyd na dáái stukkie. Jy moet altyd dankbaar wees vir jou seëninge. Alles wat jy kry is seëninge.

**Johan:** So, as ek reg hoor, dan het daar **by die hele gesin 'n groei in julle geloofslewe gekom** *(Drieka beaam)*, en **groei en hoop is baie naby aanmekaar**. Eintlik kan 'n mens sê dat die feit dat julle gegroei het in julle omstandighede, vir julle ook weer hoop geskep het om vorentoe te kyk en weer te kan aangaan.

**1. GEESTELIKE VERANDERING IN DIE GESIN**

Siekte is ‘n eksistensiële krisis wat ons dikwels dwing om geestelike wortels te her-eksploreer terwyl ons probeer om sin te vind in die aangesig van lewensbedreiging en moontlike dood. Wanneer ons besef dat ons nie antwoorde het nie, gaan soek ons dit dikwels in ou, bekende vorms (Holland & Lewis 2000:162). Daar is geen rede om skepties te wees oor hierdie bekering tot ‘n hernude of verdiepte geloof nie. Dit is nie ongewoon om dinge ernstiger op te neem wanneer ons bedreig word met die verlies van iets baie kosbaar nie. “This can be a time when patients and families are particularly open to spirituality in the form of meditation, prayer, spiritual reading, and pastoral care” (Cavanagh 1994:236). Kanker het ‘n manier om mense te help fokus op geestelike dimensies deur maniere wat hulle nog nooit ervaar het nie (Cavanagh 2000:241). Humphrey (1995:156) het in sy navorsing oor mense met kanker gevind dat “most made a positive adjustment turning more to God and even being happier after the diagnosis of

cancer than before they knew they had cancer … This serves to point out the power of emotional health thru spirituality."

Johnson & Spilka (1991:22), in hulle navorsing oor borskanker, bespreek Gordon Allport se onderskeid tussen "intrinsic and extrinsic religion" en skryf:

> Where an intrinsic personal orientation is regarded as a search for truth, a "meaning-endowing framework," an extrinsic orientation is utilitarian and instrumental. **One turns to religion in times of need, while intrinsic religion is an ever-present frame of reference.** Research shows that intrinsic religion also relates to constructive thinking and behaviour, and aids the person in coping with life. (My beklemtoning).

Van Niekerk (1993:136) het in haar navorsing met egpare gevind dat daar by beide man én vrou 'n positiewe verandering ten opsigte van hulle betrokkenheid by Godsdiens ná die diagnose van borskanker was. Hulle leun swaar op hulle geloof in God om hulle deur die krisis van saamleef met kanker te dra. Een van die vernaamste waardes is moontlik daarin geleë dat God altyd en oral teenwoordig is. Die terapeutiese funksie van gebed word ervaar wanneer hulle hulle oor hulle gevoelens kan uitpraat. God word dikwels beskou as die Groot Geneesheer en die dokters as instrumente in sy hand.

In die lig van die onderskeie navorsers se bespreking hierbo blyk dit dus dat baie mense tydens die ervaring van borskanker 'n intrinsieke oriëntasie in hulle geloofslewe beleef. Anders gestel: Baie mense integreer geloof in die kern narratiewe van hulle lewens tydens die ervaring van borskanker, waardeur húlle verhaal deel word van **DIE VERHAAL VAN HOOP**.

**Drieka:** Weet jy wat kan ek vir jou óók sê, dat as ek my Bybel gelees het (die Bybel was nog altyd vir my 'n half moeilike ding om te doen, ek het daardie boekies gelees met die dagstukkies in en as hulle verwys na 'n spesifieke Bybelvers of stukkie, dan het ek dít gelees), ek het die Bybel oopgemaak en ek het goed begin raaksien, goed wat ek lankal al gelees het, maar dit het nie vir my soveel betekenis gehad nie, wat spesifiek met my gepraat het. Dit was amper half vir my 'n ontdekkingsreis, soos ek aangegaan het.

**Johan:** Kan jy spesifieke gedeeltes onthou wat vir jou in daai tyd besondere betekenis gehad het?

**Drieka:** Jong, my Bybel lyk soos 'n sirkus. Ek het baie baie goeters hier in. Maar soos wat ek op die goed afgekom het, het ek maar onderstreep en NB geskryf en goed vir my kinders uitgehaal, soos in Spreuke het ek goed raakgelees, en vir die seuns daar geskryf "Onthou" - veral daar met die vrouens, nè, dit mooi onderstreep, julle moet dit onthou. Ek wil hê die dag as hulle my Bybel vat, as ek dalk die dag nou nie meer dáár is nie, moet hulle hiéruit hulle vertroosting soek. My niggie is ook oorlede aan dikdermkanker, maar sy is op 'n stadium seker al driekeer dood verklaar en elke keer kon sy aangaan. Sy het vir my 'n boekie gegee net kort voor haar dood, met beloftes in die Bybel en ek het daai beloftes uitgehaal en in 'n boekie geskryf en onderstreep en "gesondword" langsaan geskryf. So, daar's 'n hele hele klomp goed wat vir my … ek kan nie aan een spesifieke ding dink nie.

**Johan:** Kan ek vir jou vra met die oog op 'n volgende gesprek, dat jy vir ons 'n klompie van daai Skrifgedeeltes uithaal, en dat ons spesifiek dáároor gesels? Want waarin ek ook baie geïnteresserd is en dit is deel van die verhaal van hoop, is om te kyk hoe het jy jou kankerverhaal en die Bybelverhaal bymekaargebring en hoe het jy hoop gevind in dìt wat jy in die Skrif gelees het. So, ek sal baie graag wil dat ons by 'n volgende geleentheid daaroor gesels.

**Drieka:** Ja, ek sal dit definitief vir jou doen.

**(Sien Hoofstuk 3 vir “Drieka se inspirasie uit die Skrif)**

**Johan:** Jeandrie, jy maak ook die opmerking van **die huis omstandighede het ook verander. Hoe het dit verander?**

**Jeandrie: Ons het baie meer liefde teenoor my ma getoon en aan die res van die gesin ook. Ons het meer saam gesit en gesels en bietjie vertel wat het die dag gebeur, ons het bymekaargekom. Ek en my broer het partykeer bietjie vasgesit, maar hopelik het dit uitgegroei.**

**Johan:** En dan, Drieka, as ek vir jou kan vra: Die liefde gee van die gesin se kant af, die naderkom aan mekaar, wat het vir jou in jou omstandighede beteken?

**Drieka:** Baie, want soos ek jou sê, 'n mens het nou mos altyd hierdie ding oor die kanker wat jy dit saam met die dood sit en ek het nog altyd ook vir Werner gesê, voor ons nog kinders het, ek wil vreeslik graag 'n lekker, goeie verhouding met my kinders hê, óóp verhouding **en hierdie ding wat met my gebeur het, het rêrig hulle nader aan my gebring ook**. **Ons het oor dinge gesels wat ons byvoorbeeld nooit oor gesels het nie, of as vanselfsprekend aangeneem het en ek dink ons het mekaar se nood ook raakgesien en nie net altyd aanvaar daai ou is verkeerd of wat nie en bietjie dieper in dié persoon se probleem ingegaan.**

**Johan:** En mekaar net beter probeer verstaan …

**Drieka:** **Ja en mekaar nie as vanselfsprekend aanvaar nie**. Ek dink elkeen van ons het 'n reg om goed behandel te word en so aan. Veral die kinders, ek bedoel, dis doodnatuurlik, bietjie bakleierig en so aan, maar hulle het dit goed onder beheer gebring.

**Johan:** So, ons sou kon sê dat daar 'n groei in julle geestelike lewe gekom het en 'n groei in julle verhoudings gekom het.

**Werner:** **Daar het verdraagsaamheid tussen almal gekom.**

**Drieka:** Ek sal nie sal sê dat hulle nie met mekaar oor die weg gekom het nie, verstaan jy, hulle is redelik ordentlik, hierdie twee, maar **hulle het mekaar meer respekteer, en rêrig 'n warm hart vir elkeen gemaak.**

**Johan:** Jeandrie, jy sê ook: "Ek het gevoel ek gaan my ma nooit weer sien nie." Hoe voel jy vandág oor die toekoms?

**Jeandrie:** Ek voel redelik positief, **dat ek meer tyd aan my ma kan spandeer**, ek dink hierdie van ons kinders ook en my pa en ek weet dat die Here daar is om saam met ons my ma, hoe kan ek sê, langer te laat leef en saam met ons te hou.

## 2. GROEI IN GESINSVERHOUDINGS

Baie kinders het hegter verhoudings met hulle moeders gevorm as gevolg van die kanker (Tarkan 1999:182; Brazy & Ircink 2000:8). Strauss (1988:2) sê: "Think about it. The work of a teenager is to find out who he is in his own right, to separate himself from his family, to learn about handling independence. But when cancer strikes a parent the natural tendency of most families is to pull more closely together as a unit."

Baie vrouens met kanker sê dat dit hulle laat besef het wat is belangrik in hulle lewens en dat dit meer sin in hulle lewens gebring het en in hulle interaksies met familie en vriende. Niemand sal vir 'n vrou wat pas gediagnoseer is met borskanker, of vir haar familie, sê dat dit 'n gawe gaan wees nie. Dit sal verkeerd wees om dit te doen. Dit is iets wat sy dalk mag ervaar of dalk nie. Maar baie vrouens wat later terugkyk gebruik die woord *gawe* om hulle ervaring te beskryf (Tarkan 1999:182).

Volgens Miller (1993:32) versterk die bande met almal wat ons ken en liefhet en as dit nie versterk nie, transformeer dit:

> they take on a fresh, heightened character; a nuanced dynamic quality enters every relation, from the most intimate to the marginal; complacency is effectively banished; *carpe diem*, seize the day, does not so much become an anthem of hedonism as a reminder that only the day, not the year, or the decade, or the life, is vouchsafed.

Wanneer familielede gewillig is om hulle gevoelens met mekaar te deel en oor die siekte te praat en die veranderinge wat dit bring, kan dit die bande versterk en die lewe ná kanker so lonend en vervullend as moontlik maak (Runowicz 1995:134).

**Johan:** En ma is 'n vegter, nè? *(Jeandrie beaam).* As jy vandag 'n meisie van tien jaar ontmoet wie se ma borskanker het, wat gaan jy vir haar sê?

**Jeandrie:** Okay, ek sal vir haar sê sy moet net drie woorde onthou: hoop, glo en bid, dan sal alles regkom.

**Johan:** Baie dankie, ek hou van daai antwoord. Drieka kan ons bietjie oorgaan daar na jou lysie toe. Baie dankie, Jeandrie, vir die stuk wat jy geskryf het en die antwoorde tot hiertoe. Maar as ek nou met Ma gesels, onthou julle is enigeen welkom om saam te gesels en insette te gee, maar ek stel die vrae vir Ma, en dan gesels ons maar saam.

Die wyse waarop die mammogram gehanteer was, was vir julle 'n baie slegte begin van julle kankerverhaal. Kortaf, saaklik, … "dit het net te vinnig gebeur."

Hoe het julle oor hierdie aanvanklike skok gekom?

**Drieka:** Ek weet nie…

**Werner:** Ek dink nie ons is oor dit nie, oor daai aanvanklike mammogram nie en ook die werklike oordra van die boodskap … dit kom nog steeds in elke gesprek voor.

**Drieka:** Ja, want dit was die maniér waarop hulle dit vir my gesê het … dít was vir my sleg. Nie ómdat hulle dit vir my gesê het nie, want ek moes dit hoor, maar ek sou dit nou nogal ordentlik wou oorgedra gehad het, of selfs my eie dokter moes dit dalk vir my gesê het. Maar óór die nuus van my kanker, is ek.

**Werner:** Die dokter … ek sê altyd ek glo nie hy's gecoach om dit te doen nie.

**Drieka:** Dit sal nogal nice wees as die dokters so bietjie mensverhoudings, "bedsidemanners," bykry. Soos ek sê, dit was vinnig, dit was … jy het dit, nou moet jy maar daarmee maak wat jy wil. Ek weet nie, ek het net gehuil en gehuil en gehuil en by die huis gekom en hoe meer ek die

mense oorvertel hoe meer huil ek daaroor. Aan die een kant dink ek dis dalk my manier - enigiets wat ooit met my gebeur het wat vir my sleg was, het ek lekker getjank, en dan is ek skoon. Partykeer huil ek langer as 'n dag, maar dan is dit verby, dan's dit verby en dan gaan ek aan met my lewe, dan weet ek ek moet die stukkies nou optel en dan aangaan.

Dink jy as ek dit sê ek het nie daaroor gekom nie?

**Johan:** Ek wil graag hoor wat jy sê, hoe voel jy?

**Werner:** Nee, ek dink nie dis dat jy nie daaroor gekom het nie, kyk, dis oorgedra en jy het dit aanvaar, maar ek dink dis soos jy nou-nou gesê het, jy probeer daai ou se naam bietjie … *(Drieka beaam)* want ander mense weet jy gaan nie na daai ou toe as jy so iets vermoed nie, jy kry vir jou 'n ander dokter. Dit gaan soos met ons huidige onkoloog. Ons het vreeslik vertroue in haar, want ons beveel haar by álmal aan wat ons ken, by almal wat ons hoor wat 'n probleem het, maar ons ken nie die ander dokters nie, so, ons kan nie sê die ander is swak nie, verstaan, of hulle is minder goed nie, maar omdat hierdie dokter nou vir ons uit haar pad uit gaan … die ander dokters doen dalk dieselfde, ons weet dit net nie.

**Johan:** Een van die ander gesinne wat by ons navorsing betrokke is, het vir my 'n baie sinvolle gedagte en dit is dat die onkoloog moet eintlik soort van 'n prosesbestuurder wees in so 'n situasie. Eintlik moes 'n mens by die onkoloog kon begin en dat die uitslae van die toetse na die onkoloog toe gaan en die onkoloog vir jou die uitslae gee en dat hy of sy hierdie proses bestuur, terug na die chirurg toe. As ek nou dink wat met julle gebeur het, as jy eerste by die onkoloog kon gekom het, in plaas van by die chirurg, sou jou verhaal dalk heeltemal ánders gewees het.

**Drieka:** My roete was verkeerd. Dit was verkeerd, maar vir nóú is dit reg gewees.

**Johan:** En dit is dalk 'n aanbeveling wat ons via ons navorsing uiteindelik sou kon doen.

**Drieka:** Want dit is hoekom my dokter … hulle het nou 'n borskliniek in Pretoria-Oos en in Akasia en nou het hulle iets anders, jou radioloë, jou … ag, almal wat betrokke is by hierdie ding,

jou chirurg, die onkoloog, almal, hulle sit saam en bespreek saam 'n pasiënt en die pasiënt, want my dokter glo daaraan, sy sê vir my: "Ek wil weet hoe voel jy daaroor, wat dink jy, moet ons vir jou nog kortisoon gee, dit 'n bietjie afskaal, hoe voel jy?" Ek kan my mening gee en sy het 'n oop gesprek met my, sy sê vir my wat kry ek, wat is die nadele, wat is die newe-effekte, al daai tipe dinge. Die heel tyd weet jy presies wat met jou aangaan - wat nogal wonderlik is, hoor, want daar's mense soos ek jou al gesê het, wat gladnie eers weet wat kry hulle nie.

**Johan:** Ja, en ek dink as die vrou ook die geleentheid het om vóór die operasie met 'n sielkundige, of 'n maatskaplike werker, of 'n berader te kon gesels, om jouself geestelik, emosioneel meer voorberei te kry vir wat wag. Maar in sommige gevalle gaan die vroue in vir 'n biopsie en sy teken vir 'n operasie vir ingeval die knop kwaadaardig is en sy word wakker en haar bors is weg. Watter trauma is dit om verwerk te kry! *(Drieka beaam deurgaans).*

**Drieka:** Ja, dis baie sleg.

**Johan:** Hoe het dit die manier beïnvloed waarop julle die res van die proses gehanteer het?

**Drieka:** Ek en Werner doen nog altyd alles saam, nog altyd en ek dink dit is hoekom dit vir my so maklik was (ek sal maar sê maklik, nè), om hierdie ding te aanvaar en te hanteer, omdat ons alles saam gedoen het en hy het my ondersteun en ek het hóm ondersteun en partykeer sê hy niks nie, maar net die feit dat hy dáár is, is vir my genoeg troos en ondersteuning.

**Johan:** Julle het vir mekáár hoop gegee … *(Drieka beaam).*

**Werner:** Dis presies wat gebeur het toe sy nou ingaan vir die operasie. Die dokter het gesê voor sy ingaan as sy binne 'n halfuur terug is, moet ek weet dat die knop verwyder is, as dit langer as 'n halfuur is, moet jy weet dat 'n mastektomie gedoen is. Nou sit jy daar … nou begin dit 'n halfuur raak, driekwart-uur, nou weet jy daar is moeilikheid …

**Johan:** En jyself is ook nie voorbereid vir wat wag nie …

**Werner:** Met daai operasie het ek nog eers 'n clue gehad wat is 'n onkoloog nie ek het nie eers geweet daar bestáán so 'n ding nie… *(band verder onduidelik).*

**Johan:** Goed, maar julle het daardeur gekom en wat sê dit vir julle oor julleself?

**Drieka:** O, ons is mal oor mekaar al lyk dit nie altyd so nie! Weet jy, **ek het nogal selfvertroue verloor. Ek is nogal iemand wat 'n ding gedoen het en ek het net gevoel asof ek hierdie, ek wil nie sê pateet nie, so 'n hulpelose mens is**, tot en met Meimaand, toe's hy Port Elizabeth toe vir werk, toe is dit die éérste keer wat ek één dag sonder hom moes wees. Ek het nie gery nie, ek het gereël vir die kinders, ek was net hier in die huis. En toe hy nou weg is, was dit amper half vir my 'n uitdaging, want toe moes ek die kinders doen, ek moet alleen hier slaap, hy was vir 'n week weg. So dit was vir my, **net om my selfvertroue weer bietjie op te bou**, was dit vir my nogal goed. Om te sien ek kan, ek kan, maar ek het hom baie nodig. Omdat hy sy hand so aan die huis gehou het, inkopies gedoen het, kruideniersware gekoop het, die kinders so goed versorg, dis hoekom hy sê hy's kwaai, dat hulle moes inspring en dinge wat ek altyd gedoen het, moes hulle doen. So hulle het ook maar bietjie stres gehad, dink ek, in 'n mate. Maar nou het hulle meer verantwoordelikheid. Ek dink ons is almal hierdeur met 'n vreeslike, vreeslike leerproses. Soos ek sê, dit was vir my 'n uitdaging om nou weer bietjie die leisels te vat.

**Johan:** En die storie ágter die storie van selfvertroue, ek het gewonder oor wat maak dat Drieka haar selfvertroue verloor?

**Drieka: Ek dink dis die siekte. Ek weet nie. *(Hartseer).* Dat 'n mens daar dink … ek weet rêrig nie. Ek het net … dit was net vir my asof ek platgeslaan is en ek moes weer leer loop, jy weet, so 'n hele hele proses wat ek weer moes deurgaan.**

**Johan:** Ja, **dat 'n mens jou eie kwesbaarheid ontdek het**, nè?

**Drieka**: **Ja, ja, want ek kon álles hanteer het**. Jy kan vir Werner ook vra. Ek het … ek kon my dinge doen. **En, nouja, vir 'n ruk toe kon ek níks doen nie**. *(Die bandmasjien is vir 'n rukkie afgeskakel – Drieka hartseer).* Laat ek nou net kyk of ek in beheer is.

**3. VERLIES VAN SELFVERTROUE**

Nel (1977:382) en Strydom (1977:137) berig ook uit húlle navorsing 'n verlies van selfvertroue ná 'n mastektomie en volgens Strydom (1977:56) is dit 'n moeilike stryd om vertroue te herwin. Dit maak nie saak hoé goed jy in jou werk is nie, 'n kankerdiagnose laat jou hulpeloos en totaal onbevoeg voel (Shone 1995:4). Een van die mees algemene gevoelens waaraan mense met kanker uitdrukking gee is rou oor die verlies van beheer, wat natuurlik nou verbind is met die verlies van selfvertroue. "A cancer diagnosis strips away a sense of control and releases an assault of frightening possibilities, some of them known and some unknown. The unknowns about causes of cancer and the outcome of treatment magnify this loss of control" (Aldredge-Clanton 1998a:16).

Naas die traumatiese fisiese verlies is daar ook ander verliese, soos verlies aan sekuriteit, verlies aan geloof in die toekoms en verlies van die illusie van onsterflikheid (Aldredge-Clanton 1998a:57). 'n Kankerdiagnose stel 'n uitdaging aan elke dimensie van 'n mens se lewe – fisies, emosioneel en geestelik, skryf Weaver & Koenig (2001:1) en vervolg dan: "A cancer diagnosis can shatter the sense of invulnerability and control of one's life, provoking anxiety and fear. Compounding this are the unknowns about the outcome of treatment, which can further increase feelings of loss and control."

Alhoewel ons almal intellektueel weet dat ons eendag sal sterf, glo ons emosioneel dat ons nooit sal sterf nie. Mense met kanker beleef die vernietiging van hierdie illusie óf skielik óf geleidelik (Aldredge-Clanton 1998a:57). Dit laat hulle die menslike toestand van gebrokenheid en kwesbaarheid eerstehands ervaar. Kanker herinner ons aan ons menslikheid (Morris 1983:13). Castle (2000:6) sê "we are all forced to think about our own mortality – something we tend to avoid most of the time." Antisiperende rou kom dikwels na vore wanneer mense vir die eerste keer 'n toekoms sien wat hulle eie dood insluit. Alhoewel hulle 'n goeie prognose van die dokters mag ontvang en hulle "genees" of in "remissie" mag wees vir twintig jaar of meer, herwin hulle nooit weer die gevoelens van onkwesbaarheid wat hulle vóór die kankerdiagnose gehad het nie. "These deeply spiritual struggles with issues of mortality challenge the hoping capacity" (Aldredge-Clanton 1998a:57). Dit alles verklaar die verlies van selfvertroue.

Om ‘n gevoel van vertroue en beheer te herwin, help om die angs van die saamleef met kanker te verlig. Mense blyk beter daaraan toe te wees as hulle glo dat hulle iets kan doen om te keer dat die kanker terugkom, selfs al berus hierdie geloof op disinformasie. Selfs illusies van beheer kan essensieël wees in die hanteringsproses. Aldredge-Clanton (1998a:60) sê ook:

> Because hope operates in the realm of possibilities, it can remain in the midst of bleak present circumstances. Hope may be one of the few things some people with cancer can control. Controlling future stories, even when they do not become reality, can be reframed and rewritten so that hope remains.

Selfvertroue en hoop word herwin wanneer mense met kanker daarin slaag om weer beheer te kry oor hulle toekomsverhale.

**Drieka:** Niks in ons lewe het al só gebeur wat vir ons so verskriklik sleg was nie. Die slegste wat al ooit met ons gebeur het, is my pa wat oorlede is en dit was in Desember '86. Ons het nie mense verder verloor nie, niks slegs het nog ooit met ons gebeur nie. Ek dink dis hoekom Werner ook sê mens voel skuldig dat jy nou meer intens bid, vir hulp en krag en hoop en liefde en alles. Dit het nog net goed gegaan met 'n mens en ek dink die Here het vir ons dalk tot stilstand geroep met hierdie ding, omdat ons dit as vanselfsprekend aanvaar het, dat Hy net gesê het miskien is julle prioriteite nie reg nie, want dit gaan goed. Ons het geen krisis nie, ons het geen finansiële krisis nie, nie huismoles nie, niks, dit gaan net absoluut goed, wonderlike familie, mense wat vir jou omgee, ons wat weer vir ander mense iets beteken het, al. Ek dink dit is hoekom ek so … ek het net gedink, dit gebeur altyd mos ver, dit gebeur ver, dit gebeur nie naby nie en toe gebeur dit met my.

**Johan:** Ek sit nou en dink aan wat Jesus gesê het in die Bergrede: "Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word." **Leer 'n mens dalk in sulke krisistye die troos van God op 'n manier wat jy op géén ander manier kan leer ken nie.**

**Drieka: Ja, ek het dit nog nooit, dit is wat ek vir jou sê, hierdie Bybel van my … is 'n ontdekkingsreis vir my, want ek sien goed raak en ek sal dit nooit ooit …** dit is wat ek vir jou wou gesê het **en as ek kon kies, sal ek weer kanker gekies het**. Ek sou dit weer gekies het, want **ons hele gesin, ons familie, almal, ek is seker daarvan, het hieruit geleer**. Hulle moes, want die Here werk op sulke wonderlike maniere. **Jeanne-Werner het selfs die seevakansie gaan bywoon by Winklespruit, dis alles goed wat die Here mee gewerk het in my tyd wat ek siek was.**

**Johan:** Ja en daarom staan daar ook geskrywe "wees in alles dankbaar," al verstaan ons nie wanneer dit met ons gebeur nie. Maar iewers, iewers, kom jy op 'n ander plek uit.

**Werner:** As dit goed gaan moet jy dankie sê en as dit sleg gaan moet jy dankie sê. Een van haar vriendinne het gesê dat jy moenie bid vir 'n groter en mooi kar nie, sulke goed, maar sy't ook gesê dat partykeer hou die Here daarvan om sy kinders te bederf oo, en dan kry jy eintlik goed dat dit goed gaan met jou wat jy nie voor gevra het nie en met ons het dit nog net altyd goed gegaan. Baiekeer dink ek aan daai stukkie wat die vroutjie gesê het, onthou net, party dae wil die Here sy kinders ook 'n bietjie bederf, dan begin 'n ou dink ja, maar is 'n ou nie al lank genoeg bederf nie.

**Drieka:** 'n Vriendin by die skool sê vanoggend (dis 'n nuwe vrou wat daar begin het, en sy het vinnig opgetel wat met my gebeur het): "Weet jy Drieka, dis vir my so wonderlik dat jy so aan die gang is." (Ons gaan aan met die atletiek en die dinge). Sy sê sy het altyd gedink (want haar ouma het lewerkanker gehad) as 'n mens kanker het, dit is 'n hemelse siekte. Ek sê vir haar: "Weet jy, as ek net dink wat jy nou vir my sê, dan beteken dit amper vir my iets, want hoeveel mense het al vir my gesê mense wat kanker het is bedorwe brokkies van die Here, ons is sy witbroodjies, want Hy gee vir ons 'n tweede kans. Wel in my geval het Hy dalk al vir my daai tweede kans gegee wat ek nie gesien het nie. **Maar hierdie was my kans om my lewe om te draai en vir Hom te werk en te leef en te loof en te prys."**

**Johan: En dan beleef 'n mens Hom ook op 'n totaal nuwe manier…**

**Drieka: Ja, ja.**

## 4. OM GOD ANDERS TE LEER KEN

In paragraaf 1 (p 204) is reeds geskryf oor die geestelike verandering in die gesin. Hier gaan dit oor die getuienis van mense met kanker, naamlik dat hulle op geen ánder wyse dié dinge sou kon leer wat hulle tydens hulle siekte ervaar het nie. Packo (1991:128) skryf na aanleiding van sy eie ervaring met kanker:

> Grace gives us believers the power to creatively cope with the extreme pressures of suffering before, during and after the treatments. But grace does not merely provide a way to cope. It forces us to look beneath the surface of life in a way not otherwise possible and, as a result, to live life on a deeper level.

Mense met kanker getuig dan ook dat hulle om dié rede bereid sou wees om weer dieselfde pad te loop, soos Drieka se opmerking hierbo: **"en as ek kon kies, sal ek weer kanker gekies het."** Dit was ook Dina se ervaring (p 96): "As ek moet oor kies, dan kies ek weer dieselfde pad, want die geestelike ervaring, die geestelike groei, is onvergelykbaar – dit wat ek in my verhouding met God kon beleef." Ook Dina se dogter Luna (p 149) sê: "As mens terugkyk na hierdie proses, dan sou mens nie vir die Here sê: 'Nee, ek wil dit nooit weer in my hele lewe hê nie.' Maar definitief sal ek dit óór wil hê, want mens leer baie meer uit so 'n krisis, veral."

**Johan:** Drieka, watter invloed het die vraag wat van jou agt maande oue babatjie gaan word en die gedagte dat hy jou nie eers gaan ken en niks van jou gaan weet nie, op die manier gehad wat jy jou kanker benader het?

**Drieka:** Kan ek só sê: toe ek nou eers weer begin lewe het na die uitspraak wat oor my gemaak is, het ek besef ek sal moet positief wees, ek sal moet hard en baie hard werk om so gesond te kan bly, dat ek hom groter sien word en dat hy gaan weet wie is ek. As die kinders skool toe was in die oggend, kyk, op agt maande daai tyd kon ek hom nie regtig iets leer nie, want wat leer jy nou eintlik vir 'n babatjie, jy geniet hom maar net. Wat ek gedoen het, ons het heerlik gevry in die bed as die ander kinders skool toe is. Ons het lekker in die winter met ons neuse so teenmekaar

gelê en ek het net geweet ek moet hom net vashou en vashou en vashou. Ons het gesels … hy met 'n babataal, ons het heerlik gesels, ek het baie dinge vir hom vertel en ek het geweet al wat ek vir hom kan doen is om hom vas te hou en dit was vir my terapie gewees, jy weet, dat ek hom kan vashou en koester en vertroetel en opvry, want op daai stadium kan ek hom nie iets leer nie. So dit is maar wat ek met hom gedoen het, want daar is nie rêrig iets wat jy hulle kan leer wat hulle kan onthou nie, daar's nie so iets nie.

**Johan:** Maar daai indrukke bly tog uiteindelik by die kind, nè, daai emosionele band wat groei.

**Drieka:** Ja, ja, ek hoop daai ding. Want toe hy nou bietjie groter is, het ek altyd vir hom gesê "Wie't jou vir my gestuur?" en hy stoot mos so met sy tong, dan sê hy "Liewe Jethuth." So, hy is my Liewe Jesus kind, nie dat die ander nie is nie, maar hy is baie spesiaal.

**Johan:** *(Oor die kankerverhaal is reeds breedvoerig gesels).* Hoe, het jy gereken gaan hierdie twee verhale, die borsverhaal en die kankerverhaal, jou en jou gesinslede raak?

**Drieka:** Aanvanklik het ek nou maar gedink dit gaan baie erg wees. 'n Mens wil vir jou kinders dinge spaar. Ek wou nie gehad het my kinders moes hierdeur gaan nie, want dis sleg. Dis vir my sleg as mens dink die kinders moet 'n ma, nie dat ek so wonderlik is nie, maar om te dink dat hulle 'n ma moet verloor. Wat gebeur as Werner dalk wegval? Dan het hulle niks! Dan het hulle net die familie. Dis hierdie goed wat deur jou kop gaan en ek wil nie my kinders blootgestel het daaraan nie en ek het besef, soos ek jou gesê het, ek moes opstaan en ek moes hierdie ding tackle om soveel meer positief te wees as wat ek gewees het nog al my lewe lank. Ek moet vir my kinders dinge leer, dinge wat jy vanselfsprekend … ek sê dit weer 'n keer, dis vir my so 'n ding wat ek kan honderd keer sê, van vanselfsprekendheid, ek moet vir hulle die waardes van die lewe leer, hulle prioriteite laat regkry. So, ek het nie gedink dat dit die uiteinde op hierdie stadium gaan wees nie, dat hulle positief kan wees en hulle kan weer met hulle ou dingetjies aangaan.

**Johan:** So, dit was 'n groeiproses, én 'n leerproses om lewenswaardes te leer. *(Werner en Drieka beaam).*

**Johan:** Jy het nie pyn ná die operasie gehad nie en jy het gesê: "Ek dink dis die Here wat vir my toe só in sy hande toegevou het, dat niks by my kon bykom nie. **Ek dink aan die beeld van die hande van die Here. Watter ánder beelde van die Here het moontlik 'n rol gespeel in jou verhaal?**

**Drieka:** Ek kan nie aan 'n ander beeld dink nou op die oomblik nie, maar **Jes. 40:31, die wat op die Here vertrou kry nuwe krag, en hulle vlieg op arendsvlerke. Dis vir my net te wonderlik.**

**Johan:** Die Ou Vertaling sê die wat op die Here wag kry nuwe krag, hulle vaar op met vleuels soos die arende. Dit is vir my altyd die beeld van uitstyg uit jou omstandighede, maar dan ook die arend wat homself oorgee aan die lugstrome, en só kan ons onsself maar net oorgee aan God se genade en jy kan maar net sweef.

**Drieka:** Ja, ek moet vir jou sê hierdie vers het vir my baie beteken. Een oggend het ek ook gery, ek bid lekker in daai Clio, as ek die kinders afgelaai het, dan het ek die radio met die harde musiek afgesit en dan praat ek met die Here tot by die skool. En dit was ook 'n oggend wat ek maar woelinge in my gehad het en daar ry so 'n rooi bakkie voor my en hier agter op sy kar is daar 'n sticker met hierdie vers op. **Dit het toe vir my net weer meer beteken. Dis vir my so wonderlik. As jy sien wat doen 'n arend, hoe sterk is hy eintlik, hoe hoog vlieg hy. Ek het vir my ma eendag gesê, toe my lewerfunksies weer op is en daar's toe nou weer bietjie aktiwiteit daar, toe sê ek vir haar: "Weet ma, ek wens ek kan vlieg, ver ver heen vlieg, of oor die berge hardloop, of hardloop dat die wind so deur jou gaan." Ek het so 'n gevoel gekry om al hierdie lelik wat toe nou weer met my gebeur het, uit my sisteem uit te hardloop, of anders sal dit so lekker wees om so hoog te vlieg, want niks en niemand is naby jou wat jou kan seermaak nie.**

**Johan: Sou ons kon sê dat die beeld van die hande van die Here, en die beeld van die arendsvlerke, beelde is wat vir jou hoop gegee het?**

**Drieka: Ja, verseker.**

**(Die rol van beelde in die hoop proses word in die volgende hoofstuk bespreek).**

**Johan:** Ek hoor dr. D het jou met baie empatie behandel en jou gereeld in die hospitaal besoek. Watter uitwerking het dit op jou gehad?

**Drieka:** Die feit dat hy my gemotiveer het, so mooi met my gepraat het, hy was nooit te moeg om na werk daar aan te kom nie. Dinge wat hy opgemerk het, hy sal bv. vir Werner gesê het: "Weet jy, jy het gister mos 'n hemp aangehad wat "Million Dollars 1991" op gestaan het." En hy't miskien vanaand 'n ander gholfhemp aan. Jy was nie net 'n pasiënt nie, jy was "nommer een" vir hom. En mooi met my gepraat, en gesê "onthou as jy eet…" (want hy het eendag ingekom toe ek besig was om te eet en die ou trolletjie is mos maar hoog wat hulle so oor jou bed stoot) en toe sê hy vir my "kom, (want ek eet toe met hierdie hand - *die een wat geaffekteer is deur die operasie, deur die verwydering van die limfkliere)* jy moet daai handjie van jou bietjie hoër lig, so." Hy't so mooi mens gepraat, hy't so 'n warm gevoel uitgestraal. Dit was vir my net te wonderlik.

**Johan:** En by dr. A gekom, het jy "net aanmekaar gehuil." Wat, in die verhaal, het jou op dáárdie stadium so laat huil?

**Drieka:** Oooee, daai chemoterapie. Jy het net slegte dinge van chemoterapie gehoor en die kaal kop en die naar en àl daai dinge het deur my gegaan. Ek bedoel, dit is nie iets wat in 'n ou se verwysingsraamwerk is nie. So, dit was vir my 'n vreemde ding en die feit dat, ál die omstandighede was vir my vreemd. Die reuk van daai plek toe ek daar instap, ek kan nou nog by 'n plek instap en daai reuk kry, dan weet ek dis die reuk wat ek by daai dokter gekry het. Dit is net iets ánders. Ek dink die groot ding was maar die vreemdheid van alles. Ek was bang, ek was bang vir dit, want ek ken dit nie.

**Johan:** En dan het ek hier net drie woorde geskryf, "Jovan, die laatlam …"

**Drieka:** Ek kan vir jou baie lank besig hou met hom. Weet jy, as ek aan Jovan dink, ek het al vir jou voorheen gesê, ons het beplan, ek sou gegaan het vir 'n histerektomie en ek en Werner het toe

eendag, maar dit is ook maar die Here wat hier al begin werk het, want hy sê toe vir my man, kom ons probeer nog vir 'n babatjie vóór jy nou vir dié operasie gaan. Hene jong en dit was vir my nou nogal vreemd, komende van hóm, want ons … die kinders is groot en nou, jy wil mos nou nie, jy dink mos weer aan die doeke en die laat opstaan en die wat, wat, wat … en ek het swanger geraak, soos in onmiddellik. Geen probleme gehad nie, die normale bietjie naar en so aan. Die aand toe ek vir hulle vertel, het ek verskriklik gehuil. Dit was vir my … ek wou, en toe hoor ek nou ís ek, en dit was vir my … *(band onduidelik)* … nou's ek in vir 'n ding! En toe hy nou gebore is, ag wonderlik, ons het hom lekker bederf. So 'n kleintjie bring mos weer die familie 'n bietjie nader aan mekaar en vreugde in die huis en dan vergeet húlle twee (*Jeanne-Werner en Jeandrie)* weer bietjie van mekaar. En toe hy nou agt maande oud is en ek kry my nuus, dink ek, ek weet nie wie het ek die jammerste gekry, vir my of vir hóm nie, wat sonder 'n ma nou gaan grootword. Hoekom het die Here vir my hierdie kind gegee? En nou gaan Hy vir my wegvat en nou sit ek hier en nou kan ek nie al my aandag aan hom gee soos ek dit graag wou gedoen het nie. En toe ek nou kalmer word, dit is na 'n hele rukkie, seker 'n paar maande, het ek die Here aanhou vrae vra, dit is so 'n cheek wat ek gehad het: "Nou hoekom dít, en hoekom nou dít?" En ek het die vrae wat ek Hom gegee het, nogal self beantwoord ook. En toe besef ek as ek nie vir Jovan gehad het nie, het ek dalk vandag nie meer hiér gesit nie. Dit is hoekom ek sê hy is vir my so 'n "Liewe Jesus kind," spesiaal.

**Johan:** Hoe het julle die feit dat jou mastektomie volgens die onkoloog "heeltemal onnodig was," verwerk?

**Drieka:** Ek het nie nodig gehad om dit te verwerk nie, ek het my mastektomie klaar verwerk. Ek en Werner het dáái dag besluit, dat ons gedink het op daai stadium die regte besluit was. Ek het gedink, hy het gedink, heel moontlik, dat as jy daai bors verwyder, dan het jy jou kanker weggesny, dan is jy soort van op pad na genesing toe. En toe sy dit die dag vir my sê, toe sê sy ook: "Jy kan nooit teruggaan nie, en sê: maar as ek net dit en dit geweet het." Daai vraag het gladnie eers weer by my opgekom nie. Dit het my nooit gepla nie.

**Werner:** Dis iets wat my nooit gepla het nie, dis die laaste ding wat my óóit gepla het.

**Drieka:** Kom ek sê vir jou, sy't dit ook nie gesê soort van direk toe sy met die behandeling begin het nie. 'n Hele ent in my behandeling in, toe sê sy sy wil maar net vir my sê dat dit heeltemal onnodig was, omdat ek so goed reageer op die chemo en die Herceptin. Ek noem dit ook vir ander mense dat my mastektomie onnodig was. En die feit dat ek en daarmee "brag" ek nie, dat ek positief is en ek kan vir iemand anders iets beteken. Ek sê dit sodat hulle nie dieselfde fout maak nie, dat hulle nie hals-oor-kop in 'n ding ingaan nie. Gaan huis toe, praat daaroor, dink daaroor, kry 'n tweede opinie, probeer jou dinge agtermekaar kry.

**Werner:** Ons het al vir hóéveel mense gesê, as hulle praat van hulle vermoed dit, of hulle vermoed dat, los die dokter, gaan eers onkoloog toe, gaan éérs onkoloog toe *(Drieka beaam).*

**Johan:** Dít lyk my die regte ding om te doen, om eers by die onkoloog uit te kom en die onkoloog moet die proses uiteindelik vir jou bestuur.

**Drieka:** En ek glo as daar mense is wat ongelukkige huwelike gehad het, of 'n man wat dalk van mooi vrouens hou, of sulke goed, sou dit my dalk gepla het as Werner dalk so 'n persoon was. Maar, jy weet, dan dink ek, *(snak na asem)* nou't ek deur al hiérdie drama gegaan en in tussentyd kon ek rustig aangegaan het met my lewe. So, dit was nooit vir my 'n probleem nie. Ek het dit aanvaar - dís wat ons gedoen het, en ons het geglo dis die regte ding wat ons gedoen het.

**Johan:** So, sy liefde en ondersteuning het dit alles vir jou die moeite werd gemaak.

**Drieka:** Absoluut, ja.

# HOOFSTUK 3

## DRIEKA SE INSPIRASIE UIT DIE WOORD EN FAMILIE AGTERGROND VERHALE

### 1. DRIEKA SE INSPIRASIE UIT DIE WOORD

**Johan:** Drieka, ons het by 'n vorige geleentheid gesels oor Skrifgedeeltes wat vir jou besondere betekenis gehad het en ek wil hê dat jy vir ons vanaand 'n bietjie meer detail gee - watter Skrifgedeeltes het vir jou in die besonder aangespreek in die tyd toe jy siek was en wat is die betekenis wat dit vir jou gehad het?

**Drieka:** Weet jy, toe ek begin, was my Bybel maar oop by **Psalms**. Ek het later nogal baie groot vreugde gevind in Psalms. **Eerste wat ek gedoen het, is … wonderwerke gelees van genesing**. **Ek het elke ding onderstreep van genesing en jou geloof wat groot moet wees en jy moet glo wat jy bid**. En soos ek jou sê, **hierdie Psalms is wonderlike goeters** en wat ek nou nogal gesien het, toe ek dit nou bietjie neerskryf, is baie goed wat ek geskryf het van **"toevlug, skuilplek, veilige vesting"** en kort-kort kom hierdie goeters vir my uit. "Maar wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy liefde." Ps. 36:8 "U beskerm die mense wat by U skuil." Hiér was 'n ander "nice" ene: Ps. 34:8 "Die engel van die Here slaan laer op rondom die wat die Here dien en hy red hulle." … "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom, Hy sal sorg." Ps. 46: "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming."

Toe ek al hierdie goed sien, toe lyk dit vir my dít is nou maar waar die Here my wou gehad het, **by Hóm waar ek skuiling gesoek het**. **Hy's my veilige vesting en Hy hou my hand vas** en dit was vir my net een wonderlike ding op die ander gewees. O ja en hier was Ps. 73: "Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand." **Dis só 'n persoonlike verhouding wat mens met die Here opbou.**

**Toe ek nou gesien het in die Bybel daar's mense wat gesond gemaak is, het ek kort-kort by 'n ding geskryf: "Ek wens ek was dáár"** - dáár waar Hy so deur die mense gegaan het, en hulle aan sy soom geraak het, het ek geskryf "Ek wens ek was dáár." En vir die vrou wat Hy gesê

het: "Jou geloof het jou gered, jou geloof is groot, Ek wíl jou gesond maak." Ek het al hierdie goed so onderstreep, maar ek moet vir jou sê dit het vir my baie lank gevat.

## 1.1 PSALMS EN GENESINGSVERHALE

Die hoop proses in mense met kanker word beïnvloed deur die verhale wat hulle vertel en die verhale wat hulle hoor. Godsdienstige en kulturele verhale waardeur mense gevorm is, is ingeweef in hulle lewensverhale. Vir baie mense verskaf die verhale in die Hebreeuse en Christelike geskrifte ‘n bewustelike of onbewustelike agtergrond vir hulle eie verhale. Mense wend hulle veral na die Bybelse genesingsverhale vir hoop (Aldredge-Clanton 1998a:42). Simmons (1998:5) sê:

> The stories of miraculous healings in the Scriptures are another source of hope. They enliven Christian believers’ expectations for positive outcomes in the clinical setting. A “miracle” is thought to contradict scientific laws or go beyond human explanations or technological capacities. Medical literature also contains stories about “remarkable recoveries” that defied all clinical explanations. Knowing the inexplicable can and has happened, encourages the hope for a miracle against enormous odds.

In die Psalms kom geweldig baie beelde van hoop voor wat vir mense simbole van hoop word en simboliek vervul ‘n belangrike funksie vir mense wat deur oorgangsfases in die lewe gaan. Beelde van hoop kan ‘n sentrale rol speel in sulke simbolisering. God word ook by uitstek in die Psalms met hoop geïdentifiseer (Capps 1995:43). Só verwys Drieka dan na die Psalms waar God met “toevlug, skuilplek, veilige vesting” geïdentifiseer word. Hy beskerm, slaan laer op, red, sorg, beskerm – alles beelde waarin sy hoop gevind het.

**Drieka:** Daar was 'n lang tyd wat ek nie wou kerk toe gaan nie. Ek wou nie bid nie, dit was vir my moeilik. Hierdie vreeslike ding wat met my gebeur - hoekom moet ek nou bid? Dit gaan my níks help nie. Baie mense sê "God het met jou 'n plan." Toe dink ek as God met my 'n plan het,

hoekom is dit só? Dis 'n aaklige plan wat Hy met my het. Maar hoe verder ek lees en hoe verder ek met mense praat en hoe verder my seer gesond word, sien 'n mens die hand van die Here in hierdie ding, jy weet, met ál die wonderlike dinge wat al met my gebeur het en met die kinders gebeur het. Jy sién net die hand van die Here in elke ding wat gebeur. Waar jy altyd gedink het dis 'n verskriklike ding, dan sit jy so 'n bietjie en kyk: "Haai, maar weet jy, as dít en dít nie gebeur het nie, dan sou dít die gevolg gewees het." So, ek het dít gedoen en dan later het ek gelees wat ék moet doen, hoe moet ek glo, hoe moet ek bid. Jy moet glo wat jy bid, jy moet "nonstop" bid omtrent, jy moenie moedeloos word nie - en al hierdie dinge - jy moet jou sondes bely, dit is alles goed wat ek by geleer het. Ek het geweet jy moet jou sondes bely, maar noem hulle by die naam, al daai dinge. Ek is nog steeds besig daarmee. Al hierdie stappe wat ek moet deurgaan, doen ek nog steeds, elke keer en dan duik daar weer 'n ding op, dan dink ek: ek het nie hierdie sonde bely nie. En dit is vir my nogal 'n wonderlike ding, want ek het al gedink as 'n mens sê "vergewe jou sondes," is álles dan vergewe? Goed wat ek vergeet het, kom in my gedagtes op en dis vir my 'n teken dat ek dit moet bely.

**Johan:** Ek hoor dat ou waarhede vir jou nuwe betekenis gekry het.

**Drieka:** Ja, ja.

**Johan:** En dat daar dinge is wat jy van gewéét het, dat dit nou vir jou al meer en meer 'n lewenspatroon geword het.

**Drieka:** Ja, verseker. En byvoorbeeld as jy bid, moet jy nie vreeslike woorde en 'n vreeslike lang relaas hê nie. Jy moet net bid wat nodig is, want die Here weet al klaar, voordat jy nog jou storie begin het, weet Hy al eintlik wat jy wil vra.

**Johan:** Hy wil net hê ons moet in afhanklikheid na Hom toe kom, ons afhanklikheid besef en bely.

**Drieka:** Dìs reg, ja, ja, en Hom eer en loof en prys, dís wat 'n ou moet doen en ek voel dít aan die eenkant het ek nagelaat om te doen. Jy aanvaar goed as vanselfsprekend, maar jy moet die

Here loof en prys en ek het op 'n stadium gevoel ek doen dit te min, my lewe is al drie jaar gespaar, drie jaar en drie maande al.

Baie mense, nè, as jy nou by hulle kom, dan voel dit amper half vir jou of jy dweep. Dis snaaks, by sekere mense kan jy oorborrel van die Here en by ander is dit of ek half skaam voel as ek weg is daar en dink maar ek het nie 'n wóórd van die Here vertel daar vandag nie. So, ek het uitgesoekte mense vir wie ek dit vertel en bely en ek sit maar my radio lekker hard met my geestelike CD's en loof en prys Hom in die kar en loof en prys die Here maar daardeur ook.

**Johan:** Drieka, hier is nou 'n hele klomp Bybelverse wat vir jou besondere betekenis gehad het. As ek vir jou kon vra om vir ons twee uit te haal wat vir jou uitstaan bo al die ander, wat vir jou baie spesiaal is, wat sal jy uithaal?

**Drieka:** Definitief **Jes. 40:31** "Maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag, hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie." Dit, hierdie "arendsvlerke" - as ek aan hierdie ding, hierdie kanker van my, aan dink, het ek partykeer gevoel ek wil weghardloop, ver weghardloop en sommer die wind deur mens voel - met hierdie arendsvlerke, **"hulle vlieg met arendsvlerke," kan ek my amper half voorstel ek is 'n arend, ver, ver bo al hierdie ellende en dinge wat met jou verkeerd loop en verkeerde dinge wat met jou gebeur, dat 'n ou so ver en so vry soos 'n voël kan vlieg daarbo.**

**Johan:** Dat jy dan met hierdie arendsvlerke kan uitstyg bokant die seer.

**Drieka:** Ja, ja **en miskien van daarbo af sien hoe pas ek in hierdie prentjie wat hier onder aangaan**. Ek moet vir jou sê hierdie het vir my baie spesiale betekenis, want ek dink ek het dit al eendag vir jou gesê, 'n ou wat voor my gery het op pad skool toe, het hierdie Bybelvers agter op sy kar geplak en toe het ek **net weereens besef die Here het 'n doel vir my met hierdie ding, ek moet maar daarbo gaan vlieg.**

## 1.2 TRANSENDERING EN VERBEELDING

"Healthy hope often arises in the midst of pain and oppression, when people dare to dream of something much better and thus begin to transcend if not transform their present circumstances" (Clinebell 1998:5).

Een van die hoof eienskappe van die menslike bestaan, skryf Frankl (1984:154), is die vermoë om bokant moeilike omstandighede uit te styg en verder te groei. Selfs die slagoffer van 'n hooplose situasie wat 'n lot in die gesig staar wat hy nie kan verander nie, kan bokant homself uitstyg, verder groei as waar hy is en sodoende homself verander. Hy kan 'n persoonlike tragedie in 'n triomf verander (Frankl 1984:170).

Frankl (1984:94) het byvoorbeeld in die konsentrasiekamp homself gedwing om homself te sien waar hy in 'n goedverligte, warm en aangename lesingkamer staan. Voor hom het 'n aandagtig luisterende gehoor in gemakstoele gesit. Hy het 'n lesing gegee oor die psigologie van die konsentrasiekamp. Alles wat vir hom op daardie oomblik neerdrukkend was, het vir hom objektief geword en hy het dit op 'n afstand gesien en beskryf vanuit die wetenskap. "By this method I succeeded somehow in rising above the situation, above the sufferings of the moment, and I observed them as if they were already of the past. Both I and my troubles became the object of an interesting psychoscientific study undertaken by myself."

Om in moeilike, hoopbedreigende omstandighede, in 'n mens se verbeelding beelde te skep wat die huidige oomblik transendeer, is nie 'n vorm van ontvlugting of ontwyking van die werklikheid nie. Inteendeel, dit is eerder 'n kwessie van "to look at a fact and to create a context or a field for it with the help of the realistic imagination" (Lynch 1974:37).

Die transendering van moeilike omstandighede, sê Lynch (1974:35), is die klassieke beeld van hoop: om probleme te oorkom, jouself uit duisternis te bevry, ontvlugting uit 'n soort tronk. "The sense of hope is: there is a way out. The sense of hopelessness is: there is no way out, no exit." Hierdie groot tradisionele betekenis van hoop, dít wat ons help om ons eindelose vorme van onmoontlikheid, van gevangenis, van duisternis, te transendeer, word gekomplimenteer deur

‘n klassieke verstaan van die woord *verbeelding.* Een van die betekenisse van verbeelding is dat dit die gawe is om iets voor te stel wat nog nie gesien kan word nie, die gawe om te bly glo dat die grense van die moontlike wyer is as wat hulle blyk te wees. Lynch (1974:35) sê verder:

> Imagination, if it is in prison and has tried every exit, does not panic or move into apathy but sits down to try to envision another way out. It is always slow to admit that all the facts are in, that all the doors have been tried, and that it is defeated. It is not so much that it has vision as that it is able to wait, to wait for a moment of vision which is not yet there, for a door that is not yet locked. It is not overcome by the absoluteness of the present moment.

Die gebruik van Bybelse beelde, gepaard met haar verbeelding, was vir Drieka ‘n waardevolle bron om in uiters moeilike omstandighede ‘n verhaal van hoop te skryf. Die oortuiging “ek moet maar daarbo gaan vlieg,” was vir haar ‘n roeping van die Here.

(In die volgende paragraaf word verder uitgebrei op die gebruik van beelde).

**Johan:** En het jy vir jou enigiets gemaak van 'n arend, 'n prent of iets, wat vir jou 'n simbool geword het van jou groei en van jou uitstyg?

**Drieka:** Nee, ek het nie. Jy gee my nou 'n idee.

**Johan:** Ons het nou oor die arend gesels. **Watter ander Skrifgedeelte was vir jou baie spesiaal?**

**Drieka:** **Habakuk 3:19** "My God gee vir my krag. **Hy maak my voete soos die van 'n ribbok**, op hoë plekke laat Hy my veilig loop." Ek wil dit nou amper vir jou sing! Ek het 'n CD wat hy op is. As ek nou skool toe ry en ek alleen is,en hierdie liedjie speel, dis asof ek regop kan sit, my vensters oopmaak en ek kan net sing. Ek is só bevoorreg om nie siek te word van die chemo nie. Ek kan dinge doen, ek werk in my tuin, ek doen vir my kinders goed, vir Werner, af en toe

(*grappenderwys).* Dit is amper asof ek 'n inspuiting kry as ek hierdie dinge sien en dit is vir my sleg as ek moet een dag sit, en 'n dag het verbygaan, en ek het nou nie rêrig … ek het so 'n bietjie ge-"idle," nè. En dan dink ek weer aan hierdie liedjie. **Ek kan hardloop soos 'n ribbok**.

**Johan:** En dis 'n interessante beeld, dié van 'n ribbok, wat eintlik 'n bergbok is, nè, en dat die Here my voete maak soos dié van 'n ribbok wanneer die steiltes vir my te hoog word, sodat ek nog steeds teen die steiltes kan uit. Hy gee die genade.

**Drieka: Ja, ek spring daaruit, ja. Weet jy, dit is vir my net 'n inspuiting, dat ek weet ek het hierdie wonderlike krag ek doen my ding nog steeds, ek kan die Here loof en prys. Ek gaan vandag skoolhou, of ek kom weer vanmiddag terug na my mense toe, so, dit beteken vir my rêrig baie.**

**Johan: En as ek dit kan saamvat, dat jy in hierdie Skrifgedeeltes besondere hoop gevind het, dat dit vir jou moed gegee het om aan te gaan**. So, aldrie beelde wat vir my uitstaan, die **arend** en die **ribbok**, en daardie eerste verse wat jy aangehaal het oor die **skuilplek**. En dié skuilplek verwys na die berg Masada aan die suidweste kant van die Dooie See daar in Israel, waar Dawid altyd vir Saul gaan wegkruip het - dáár was hy veilig gewees. En as jy nou eers die voorreg gehad het om op Masada te staan, dan besef jy hoe veilig wás Dawid. Geen vyand kon by hom kom nie, as hy die bokant van daai berg beheer het nie. En nou sê hy God is my Masada. God is my vesting by Wie ek gaan skuil.

**Drieka:** Ja, dit was vir my baie interessant. **Dit was vir my 'n verskriklike ding gewees om te weet ek kan maar by die Here gaan skuil, Hy het my omvou met sy liefde, met sy hande het Hy my toegemaak. So, dit is vir my wonderlik.**

### 1.3 BEELDE EN HOOP

Godsdienstige beelde ("sacred images") reflekteer en vorm mense se diepste waardes (Aldredge-Clanton 1998a:4), en vervul 'n primêre funksie in die vorming van spiritualiteit (Aldredge-Clanton 1998a:25). Godsdienstige taal en beeldspraak kan van besondere betekenis wees vir

mense wat die uiterste kwessies van lewe en dood in die gesig staar, soos dit die geval is met elkeen wat met kanker gediagnoseer is (Aldredge-Clanton 1998a:4). Beelde van die liefdevolle versorging van God lewer ‘n groot bydrae tot die groei van hoop by mense met kanker. Aldredge-Clanton (1998a:66) sê ook: “We can help them to gain strength from the past and guide them to envision future stories filled with hope. In addition, we can lead people to experience Divine Presence through meditations focused on images that bring them healing, hope, and peace.”

Beelde van hoop in God is gebaseer op ons internalisering van God, die ervaring wat ons het dat God “binne” ons is, en daarom altyd vir ons teenwoordig is. Die een vir wie ek wag is, met ander woorde, alreeds hier, binne in my en het reeds in my hart of siel kom woning maak. Godsdienstige beelde van hoop word gekenmerk deur hulle bevestiging dat God altyd by ons is, waar ons ookal is en dat Hy nader aan ons is as ons eie asem (Capps 1995:46).

**Johan: Daar was ook 'n teksvers uit Klaagliedere wat vir jou spesiale betekenis gehad het**. Kom ons luister ook na hóm.

**Drieka: Klaagliedere 3:31** "Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie. As Hy 'n beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot." **Vers 26: "Dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here." Met dít wat oor my pad gekom het, moes ek leer om geduldig te wag, want my humeur was partykeer gladnie dieselfde gewees nie - ek wou dadelik gesond word en ek wou dadelik … dat hulle vir my net ses behandelings gegee het, en hier het my lewe heeltemal anders uitgedraai en die Here het sy tyd met my.**

**Johan:** Daardie gedeelte in Jes. 40 wat jy na verwys het - in die Ou Vertaling staan daar "die wat op die Here wag, kry nuwe krag," maar **ons het ook wagkrag nodig**, ons het krag nodig om te kán wag, om geduldig te wees totdat die Here, of sódat die Here, sy plan met ons lewe uitwerk.

## 1.4 GEDULDIG WAG EN HOOP

Kendrick (1998:4) vra hoe bly 'n mens hoop as jy gehoor het dat jou kanker na die lewer en brein versprei het? Eers is die versoeking daar om te wanhoop. Hoop vra 'n verbeeldingryke vermoë wat onwrikbaar vashou aan die oortuiging dat daar tóg 'n uitweg mag wees. Terselfdertyd moet hoop ook plooibaar wees om ons houvas op tydelike hoop, wat nie langer haalbaar is nie, te laat vaar, in die vertroue dat deur God se eindelose genade daar 'n nuwe bestaanswyse vir ons beskikbaar is. Deur 'n komplekse reeks verliese moet hoop gedurig geherdefinieër word (vgl. "Die verskuiwing van Hoop" - p 124). Eers hoop mens vir genesing, dan vir remissie, uiteindelik, miskien, vir vryheid van pyn, en laastens, vir die onvoelbares van integriteit, dood met waardigheid en God se getroue versorging van dié wat agterbly.

Die lewe is soveel groter as kanker, of die lyding wat deur kanker veroorsaak word. Kanker is nie die eerste woord nie en ook nie die laaste nie. Kendrick (1998:5) vra of daar 'n oorgangswoord is tussen wanhoop en hoop, 'n woord wat in die kanker ervaring self geopenbaar word, wat 'n deur open na nuwe lewe, na bevryding.

Mense met kanker is altyd besig om te wag. Wag vir toetsuitslae, wag vir chirurgie, wag vir bloedoortappings, wag vir remissie, wag om huis toe te gaan, wag vir gebede om beantwoord te word. "Understanding this theme of seemingly endless waiting in the face of glaring uncertainty may yield an intermediate word of hope and healing" (Kendrick 1998:5).

Dié wat op God wag, wag aktief (Kendrick 1998:5). Lynch (1974:179) sê: "We may further say that positive waiting is not altogether passive. It is, rather, active, in the sense that it does not yield. It confronts hopelessness, acknowledges it, grants it's rights and proper domain, but does not yield to it's assault." Hoop is 'n aktiewe wag op 'n toekoms wat *oop* is en dit help om daardie toekoms op 'n manier voor te berei deur die verwagting daarvan. Hoop is nie kapitulasie (soos wanhoop) nie, maar is 'n aktiewe wag "which is a patient non-acceptance of any determinisms" (Nowotny 1979:57).

Die besluit om te wag is een van die groot menslike handelinge (Lynch 1974:177). Dit is die grootste oorwinning van alles vir die siek persoon, een waarsonder al die ander dinge onmoontlik sal wees (Lynch 1998:178).

Geduld, skryf Nowotny (1979:56), is ‘n sekere manier om ‘n mens self aan te pas by die duur van tyd. “The hoping man does not try to alter time’s duration; he puts his confidence in a certain process of maturation in the temporal order, believing that reality is such that growth and development are possible.”

Deur geduldige, aktiewe wag, kan ‘n mens van wanhoop na hoop groei en kan die persoon met kanker die hoop telkens herdefinieër en altyd bly hoop.

**Drieka:** Ja en ek moet jou sê die Here gebruik my op baie, baie maniere. Daar in die behandelingskamer, by die skool, elke keer sien ek net weer waar die Here my gebruik. En 'n mens moet nou versigtig wees dat 'n mens nie dink "ag, maar ek is baie oulik," nie. Dis die Here wat my so oulik maak om vir ander mense dinge te beteken en die wonderlike goed vir hulle te kan vertel en hulle te help met húlle krisisse.

**Johan:** Ja, nou het jy 'n instrument in sy hand geword.

**Drieka:** Dis reg, ja. Ek wil ook net vir jou sê, na aanleiding van daai artikel van my in die Sarie (3 Oktober 2001:84-90), het daar nou so 'n week terug 'n vrou my gebel en sy't ook vir my gesê (dis eintlik haar suster wat siek is) sy en haar sussie het gebid die Here moet 'n instrument stuur om hulle te help, want haar behandeling was nie so goed nie en die volgende dag toe maak sy die Sarie oop en sy lees my storie en sy het my dadelik skool toe gebel en by die dokter 'n afspraak gemaak en binne daardie eerste week het hulle haar gesien. So, die Here gebruik my.

## 2. FAMILIE AGTERGROND VERHALE

**Johan:** Laat ons nou 'n bietjie terugkeer na die verlede - geskiedenis van siektes in julle altwee se families. Werner, was daar aan jou kant by jou ouers, broers en susters, enige ernstige siektes gewees?

**Werner:** Nee, in my familie niks nie - net hartversaking, maar dit was al's ouderdom. Daar's nie kanker en hartaanvalle nie. In ons familie is daar nie so iets nie.

**Drieka:** En ek dink ook nie hulle het krisisse gehad nie.

**Werner:** Nee, wat ek kan onthou, niks.

**Johan:** En om uit 'n gesonde familie te kom en ewe skielik met kanker gekonfronteer te word, wat het dít aan Werner gedoen?

**Werner:** 'n Ou begin dink, maar waar het jy fout gemaak, wat het gebeur? Dis spesifiek hoekom ek gesê het daai Deut. 28:2 wat sê van: Wat het jy fout gemaak, wat het jy gesondig, hoekom word jy gestraf? Jy weet en dan begin jy dink aan wat jy gedoen het, dan besef jy maar dit kan met enigiemand gebeur. Gewoonlik gebeur dit mos altyd met die ánder ou, nooit met jousélf nie.

**Johan:** So, dit is nie noodwendig as gevolg van iets spesifiek wat ek gedoen het en dat ek nou met 'n klomp skulgevoelens moet sit en in die verlede gaan rondkrap, dat ek nou gestraf word vir een of ander iets wat ek gedoen het nie.

**Werner:** Nee, die grootste ding is, hoe gouer jy dit aanváár, hoe vinniger maak jy vrede. As jy heeltyd gaan vra "hoekom, en waaroor?" dan gaan jy nooit rigting kry nie.

**Johan:** Ons moet aanvaar kanker gebeur en ons moet dit hanteer.

**Werner:** Dis deel van die lewe.

**Johan:** Drieka, jou familie. Hoe het die geskiedenis van siektes in Drieka se familie verloop?

**Drieka:** Kan ek net gou eers iets sê. 'n Mens gaan soek, soos hy nou gesê het, na die foute. Maar dis nie dat jy iets verkeerds gedoen het dat hierdie dinge oor jou pad kom nie. Die Here laat hierdie goed toe om met jou te gebeur - dit is wat ék dink - Hy laat dit toe, en daarmee saam gee Hy vir jou die "know how" om die goed te kan hanteer. Ek dink nie Hy sal iets op jou pad lê wat jy nie kan hanteer nie. Ek glo so.

Die ergste is, my pa is in '86 oorlede - 'n hartomleiding gehad. Hy was nie sieklik nie, hy het sy ding gedoen, baie gou moeg geword. Ons het vermoed dit het maar iets met die hart te doen. Hulle het vermoed sy are was vernou en toe was nou die groot groot krisis: hy moet gaan vir hierdie hartomleiding. Ons het nie rêrig geweet wat om vir hom te sê nie. Ek sê nou die dag vir my ma ek is so spyt dat dit wat nóú met my gebeur, nie dalk vroeër met my gebeur nie, dan het ek bietjie vir my pa meer bystand kon bied. Ons het maar geglo dat die Here hom gaan gesond maak na die operasie, want op daai stadium het jy ook nooit gehoor van so 'n operasie wat misluk het nie en ons het dit 'n saak van gebed gemaak en geglo hy gaan die operasie moet kry. En binne drie weke van die operasie, is hy toe oorlede. Toe het ons nou maar gedink, 'n mens het jou altyd verwyt, moes ons nie miskien vir hom gesê het: "Nee, pa moet dit nie laat doen nie." Maar ek glo die Here het hom gebruik en hierdie ding oor sy pad laat kom, die dinge het maar net nie vir hom uitgewerk soos wat dit moet nie.

Maar ek glo die Here was nie onregverdig nie. Ek het aanvanklik so gedink, want oe, my pa was 'n baie goeie mens *(hartseer)*. Hy was baie goed vir ons. Hy't jou altyd met raad en daad bedien. Ek dink nie my pa kon ooit verkeerd gedoen het of gesê het nie. Ek het aansoek gedoen vir 'n werk waar ek 'n sielkundige vraelys moes invul. Toe vra hulle vir my of ek iets negatiefs van my pa kan sê, wat is die invloed van die negatiewe ding wat my pa gedoen of gesê het op my? Toe skryf ek daar ek kan aan niks dink nie. My pa was net nie onregverdig nie. So, ek glo die Here het hom nie gestraf om hom te laat doodgaan het nie, op daai stadium nie. Hy't vir ons geleer en dit na die beste van sy vermoë gedoen. So, dit was ons eerste krisis. Ons was jonk - my pa is

Desember sestien jaar terug oorlede. Ons het ook altyd gesê, ek veral, ek weet wat ek sal doen as my pa moet doodgaan nie. Hier sit ek vandag en ek het aangegaan, die lewe het aangegaan. Om later oor hom te praat sonder om te huil. Grappies - o, hy was 'n vreeslike terggees. Ek kan nou vir my kinders vertel wat het oupa gedoen en gesê.

Dít was ons eerste krisis. Nét na my pa se dood, die volgende September, was my ma en my sussie in 'n ongeluk. Dit was vir ons verskriklik, want ons het gedink nou gaan ons my ma ook verloor. Maar die Here was goed vir ons, Hy het haar nog steeds vir ons gespaar. Ons het net deur hierdie ding heeltyd gebid en gebid. Ek dink nie ek was geestelik so ryp en ryk daai tyd soos wat ek nou is nie.

**Johan:** Maar as jy nou terugdink aan jou ervaring deur die twee krisisse, hoe sou dit dalk kon bygedra het tot die manier waarop jy hierdie krisis van jousélf gehanteer het?

**Drieka:** Al wat ek kan dink, is die ondersteuningsisteem, want toe my pa dood is, het ons, ons is net die vier sussies en dan die twee swaers wat ingekom het, ons het 'n baie hegte band en ek dink dít het dit net nóg hegter gemaak. En die ding met my ma-hulle wat in die ongeluk was, ons het net nóg nader aanmekaar gekom. Ons het mekaar maar aangevul en getroos en moed ingepraat. En in hierdie geval nou met my ook - daar gaan nie 'n behandeling om wat hulle nie bel en sê: "Sterkte met die behandeling, ons dink aan jou," of 'n boekie of 'n briefie of een of ander iets wat ek kry nie.

**Johan:** Ek lees 'n artikel wat Kathy Weingarten, 'n sielkundige wat sélf ook borskanker gehad het, geskryf het. Nou sê 'n ander vrou, 'n veertigjarige vrou wat borskanker het vir haar sy voel so hooploos. Toe sê Weingarten vir haar maar dit is nie jóú werk om te hoop nie. Hoop is iets wat 'n mens saam met ander mense doen. Hoop groei waar ons mekaar ondersteun, vir mekaar liefde gee, mekaar aanvul - dáár groei ons hoop *(Drieka beaam deurgaans)*. Enige ánder gebeurtenisse?

**Drieka:** My tannie is ook dood aan borskanker, sy is sewentien jaar na haar mastektomie oorlede - sy het 'n dubbele mastektomie gehad. Maar dit was nie hiér by my nie. Soos my ouma wat ook

dood is al op 'n stadium - dit was erg, maar ek was klein.  En oupa wat dood is.  Maar hiérdie was vir my verskriklike krisisse.

**Johan:** Hulle was náby aan jou gewees.

**Drieka:** Ja, ja. Dit was baie naby aan my.

University of Pretoria etd – Crafford, J D (2003)

## BRONNELYS : HOOFSTUK 1


Aldredge-Clanton, J. 1998a. *Counseling People with Cancer.* Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.

Barraclough, J. 2000. *Cancer and Emotion. A Practical Guide to Psycho-oncology.* John Wiley & Sons, Ltd.

Becvar, D.S. 1996. *I Am a Woman First: A Message about Breast Cancer.* Families, Systems & Health 14(1):83-88.

Berger, K. & Bostwick, J. 1984. A Woman's Decision: Breast Care, Treament, and Reconstruction. New York: Mosby.

Brazy, J. & Ircink, M. 2000. *Breast Cancer: Common Reactions of Children and how to help.* http://www2.medsch.wisc.edu/childrenshosp/childrens.html

Castle, F. 2000. *Cancer's a Word, not a Sentence*. Hodder & Stoughton Ltd: London. Brunner/Mazel, Inc.

Cavanagh, M.E. 1994. *Ministering to Cancer Patients.* Journal of Religion and Health, 33(3): 231-241.

Frank, A.W. 1991. *At the Will of the Body. Reflection on Illness.* Houghton Mifflin Company Boston.

Frank, A.W. 1998. *Just Listening: Narrative and Deep Illness.* Families, Systems & Health 16(3):197-212.

Friedman, L.C. (et al.) 1988. *Women With Breast Cancer: Perception of Family Functioning and Adjustment to Illness.* Psychosomatic Medicine 50:529-540.

Gyllensköld, K. 1982. *Breast Cancer. The Psychological effects of the disease and its treatment.* Tavistock Publications Ltd.

Holland, J.C. & Lewis S. 2000. *The Human Side of Cancer. Living with Hope, Coping with Uncertainty.* HarperCollins Publishers Inc.

Jensen, M. 1984. *Some Implications of Narrative Theology for Ministry to Cancer Patients.* The Journal of Pastoral Care, 1984, XXXVIII(3).

Kneece, J.C. 2001. *Helping Your Mate Face Breast Cancer.* EduCare Publishing, Columbia.

Kneier, A.W. & Rosenbaum, E. *Ten Steps Toward Emotional Well-Being When Dealing with Cancer.* Cancerlinks.
www.cancerlinks.org/coping.html

Love, S.M. & Lindsey, K. 1991. *Dr. Susan Love's Breast Book.* Addison-Wesley Publishing Company.

O'Hare, P. 1987. *The Psycho-Social implications of Mastectomy for Married Women and their Spouses.* Dissertation accepted in the Faculty of Arts (Dept. of Psychology) of the Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in fulfilment of the requirements for the degree Magister Artium.

Packo, J.E. 1991. *Coping with Cancer and other Chronic or Life-Threatening Diseases.* Christian Publications: Camp Hill, Pennsylvania.

Peteet, J.R. 1984. *Emotional Aspects of Breast Cancer and its Treatment.* In: Pfeiffer, K.N. & Whilleken, J.D. 1984. *Caring for the Patient with Breast Cancer,* 175-193. Reston: Prentice Hall.

Rolland, J.S. 1989. *Chronic Illness and the Family Life Cycle.* In: Carter, B. & McGoldrick, M. The Changing Family Life Cycle, 433-455. Allyn and Bacon.

Runowicz, C.D. & Haupt, D. 1995. *To Be Alive – A Woman's Guide to a Full Life After Cancer.* Henry Holt and Company – New York.

Sampson, V. & Fenlon, D. 2000. *The Breast Cancer Book – A personal guide to help you through it and beyond.* Vermilion: London.

Shapiro, J. (et al.). 2000. *Literary Narratives Examining Control, Loss of Control and Illness: Perspectives of Patient, Family and Physician.* Families, Systems & Health 18(4):441-454.

Shapiro, S.L. (et al.). 2001. *Quality of Life and Breast Cancer: Relationship to Psychosocial Variables.* Families, Systems & Health 57(4):501-519.

Shone, N. 1995. *Cancer - A family affair.* Sheldon Press.

Shurden, K. 1998. *The Dynamic of Hope in Families.* Wayne E. Oates Institute. http://bsd.oates.org/hope/nov_98_online_conference/papers/shurden.htm

Simmons, P. 1998. *False Hope in the ICU: Faith and Healing in Extremis.* Wayne E. Oates Institute. http://bsd.oates.org/hope/nov_98_online_conference/papers/simmons.htm

Strauss, L.L. 1988. *Coping when a parent has Cancer.* The Rosen Publishing Group, Inc. New York.

Tarkan, L. 1999. *My Mother's Breast. Daughters Face Their Mother's Cancer.* Taylor Publishing Company. Dallas, Texas.

Van der Merwe, L. 2001. *Nuwe wapens teen Kanker.* SARIE. SAPPI/PICA.

University of Pretoria etd – Crafford, J D (2003)

Zuckweiler, B. 1998. *Living in the Postmastectomy body*. Hartley & Marks, Inc.

**BRONNELYS : HOOFSTUK 2**

Aldredge-Clanton, J. 1998a. *Counseling People with Cancer*. Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.

Brazy, J. & Ircink, M. 2000. *Breast Cancer: Common Reactions of Children and how to help.* http://www2.medsch.wisc.edu/childrenshosp/childrens.html

Capps, D. 1995. *Agents of Hope. A Pastoral Psychology*. Fortress Press Mineapolis.

Cavanagh, M.E. 1994. *Ministering to Cancer Patients.* Journal of Religion and Health, 33(3): 231-241.

Castle, F. 2000. *Cancer's a Word, not a Sentence*. Hodder & Stoughton Ltd: London. Brunner/Mazel, Inc.

Holland, J.C. & Lewis S. 2000. *The Human Side of Cancer. Living with Hope, Coping with Uncertainty*. HarperCollins Publishers Inc.

Humphrey, L.J. 1995. *New Insights on the Emotional Response of Cancer Patients and Their Spouses: Where Do They Find Help?* The Journal of Pastoral Care, Summer 1995, Vol. 49(2).

Johnson, S.C. & Spilka, B. 1991. *Coping with Breast Cancer: The Roles of Clergy and Faith.* Journal of Religion and Health, 30(1), Spring 1991.

Miller, J.A. 1993. *Other Plans: Journal of an Illness.* First Things 31(MAR):26-33.

Morris, R. 1983. *Caring for the Family Facing Cancer.* The Christian Ministry, 14(2): 13-15.

Nel, D.M. 1977. *Die Post-Mastektomiepasiënt – 'n Klinies-Sielkundige Ondersoek.* Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Magister Artium (Kliniese Sielkunde) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Universiteit van Pretoria.

Runowicz, C.D. & Haupt, D. 1995. *To Be Alive – A Woman's Guide to a Full Life After Cancer.* Henry Holt and Company – New York.

Shone, N. 1995. *Cancer - A family affair.* Sheldon Press.

Strydom, M. 1977. *Psychotherapy with the Mastectomy Patient.* Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of Master of Arts (Clinical Psychology) in the Faculty of Arts, University of Pretoria.

Tarkan, L. 1999. *My Mother's Breast. Daughters Face Their Mother's Cancer.* Taylor Publishing Company. Dallas, Texas.

Van Niekerk, S.J.E. 1993. *Houdings van Egpare teenoor die behandeling vir borskanker.* Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe in die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Weaver, A.J. & Koenig, H.G. 2001. *Cancer patients and caregivers benefit from religious faith.* Reporter Interactive.
www.umr.org/news/013101/cancer.htm

**BRONNELYS : HOOFSTUK 3**

Capps, D. 1995. *Agents of Hope. A Pastoral Psychology.* Fortress Press Mineapolis.

Frankl, V.E. 1984. *Man's Search for Meaning.* Washington Square Press.

Kendrick, L.S. 1998. *Cancer and the Redemption of Hope.* Wayne E. Oates Institute.
http://bsd.org/hope/nov_98_online_conference/papers/kendrick.htm

Lynch, W.F. 1974. *Images of Hope. Imagination as Healer of the Hopeless.* University of Notre Dame Press. London.

Nowotny, J. 1979. *Despair and the Object of Hope.* In Fitzgerald, R. (Ed.). *The Sources of Hope.* Pergamon Press.

Simmons, P. 1998. *False Hope in the ICU: Faith and Healing in Extremis.* Wayne E. Oates Institute.
http://bsd.oates.org/hope/nov_98_online_conference/papers/simmons.htm